- 2 Maak Smartphone Link se toepassing op jou slimfoon oop.
- 3 Maak die Smartphone Link se toepassinginstellings oop, en kies **Foursquare® > Teken aan**.
- 4 Voer jou aantekeninligting van Foursquare in.

Soek tans Belangepunte van Foursquare

Jy kan vir belangepunte van Foursquare soek wat op jou toestel gelaai is. Wanneer jy aan jou rekening van Foursquare verbind deur Smartphone Link te gebruik, verskaf die soektog die nuutste bygewerkte resultate van Foursquare se aanlyn databasis, sowel as verpersoonlike resultate van jou gebruikersrekening by Foursquare.

Kies **Waarheen? > Kategorieë > Foursquare®**.

Besigtig Foursquare liggingbesonderhede

Voordat jy Foursquare liggingbesonderhede kan besigtig, moet jy aan 'n ondersteunde foon verbind wat Smartphone Link loop, en aanteken by jou Foursquare rekening.

Jy kan gedetailleerde inligting besigtig oor Foursquare liggings, soos gebruikersgraderings, inligting oor restaurantpryse en bedryfsure.

- 1 Van die liggingzoekresultate, kies 'n Foursquare belangepunt.
- 2 Kies **i**.

Aanmeld met Foursquare

Voordat jy kan aanmeld met Foursquare, moet jy aan 'n ondersteunde foon verbind wat Smartphone Link loop en aanteken by jou Foursquare rekening.

- 1 Kies **Toepassings > Foursquare® > Aanmeld**.
- 2 Kies 'n belangepunt.
- 3 Kies **i > Aanmeld**.

TripAdvisor®

Jou toestel sluit belangepunte en graderings van TripAdvisor in. Graderings van TripAdvisor verskyn outomaties in die soekresultaatlys vir toepaslike belangepunte. Jy kan ook vir nabygeleë belangepunte van TripAdvisor soek, en volgens afstand of gewildheid sorteer.

Vind van Belangepunte van TripAdvisor

- 1 Kies **Waarheen? > Kategorieë > TripAdvisor**.
- 2 Kies 'n kategorie.

'n Lys nabygeleë belangepunte van TripAdvisor vir die kategorie verskyn.
- 3 Kies **Sorteer resultate** om soekresultate volgens afstand of gewildheid te sorteer (opsioneel).

Besigtig Liggings wat Onlangs Gevind is

Jou toestel berg 'n geskiedenis van die laaste 50 liggings wat jy gevind het.

Kies **Waarheen? > Onlangse**.

Wis van Lys Liggings wat Onlangs Gevind is

Kies **Waarheen? > Onlangse > ≡ > Wis > Ja**.

Sien die Huidige Ligginginligting

Jy kan die Waar Is Ek?-blad gebruik om inligting oor jou huidige ligging te sien. Hierdie is 'n nuttige eienskap as jy noodpersoneel moet inlig waar jy jou bevind.

Kies die voertuig vanaf die kaart.

Vind Nooddienste en Brandstof

Jy kan die Waar Is Ek?-bladsy gebruik om die naaste hospitale, polisiestasies en vulstasies te vind.

- 1 Kies die voertuig vanaf die kaart.
- 2 Kies **Hospitale, Polisiestasies, Brandstof** of **Padbystand..**
LET WEL: Sommige dienskatteorieë is nie in alle areas beskikbaar nie.
'n Lys liggings vir die gekose diens verskyn, met die naaste liggings bo aan.
- 3 Kies 'n ligging.
- 4 Kies 'n opsie:
 - Om na die ligging te navigeer, kies **Gaan!**
 - Om die foonnommer en ander liggingbesonderhede te besigtig, kies **i**.

Kry Aanwysings na jou Huidige Ligging

Indien jy 'n ander persoon moet inlig oor hoe om by jou huidige ligging te kom, kan jou toestel 'n aanwysingslys gee.

- 1 Kies die voertuig vanaf die kaart.
- 2 Kies **≡** > **Aanwysings na My**.
- 3 Kies 'n beginligging.
- 4 Kies **Kies**.

Byvoeging van 'n Kortpad

Jy kan kortpaaie by die Waarheen?-kieslys voeg. 'n Kortpad kan na 'n ligging, 'n kategorie of 'n soeknutsmiddel wys.

Die Waarheen?-kieslys kan tot 36 kortpadikone bevat.

- 1 Kies **Waarheen?** > **Voeg Kortpad by**.
- 2 Kies 'n item.

Verwydering van 'n Kortpad

- 1 Kies **Waarheen?** > **≡** > **Verwyder Kortpad(paaie)**.
- 2 Kies 'n kortpad om te verwyder.
- 3 Kies weer die kortpad om te bevestig.
- 4 Kies **Berg**.

Berg Liggings

Berg 'n Ligging

- 1 Soek na 'n ligging (*Vind van 'n Ligging volgens Kategorie, bladsy 6*).
- 2 Kies vanuit die soekresultate 'n ligging.
- 3 Kies **i** > **Berg**.
- 4 Voer 'n naam in en kies **Gedoen**.

Berg Jou Huidige Ligging

- 1 Kies die voertuigikon vanaf die kaart.
- 2 Kies **Berg**.
- 3 Voer 'n naam in en kies **Gedoen**.
- 4 Kies **Goed**.

Wysiging van 'n Gebergde Ligging

- 1 Kies **Waarheen?** > **Geberg**.
- 2 Indien nodig, kies 'n kategorie.
- 3 Kies 'n ligging.
- 4 Kies **i**.
- 5 Kies **≡** > **Wysig**.

6 Kies 'n opsie:

- Kies **Naam**.
- Kies **Telefoonnommer**.
- Kies **Kategorieë** om kategorieë aan die gebergde ligging toe te ken.
- Kies **Verander Kaartsimbool** om die simbool te verander wat gebruik word om die gebergde ligging op 'n kaart te merk.

7 Wysig die inligting.

8 Kies Gedoen.

Toeken van Kategorieë aan 'n Gebergde Ligging

Jy kan selfgekoose kategorieë byvoeg om jou gebergde liggings te organiseer.

LET WEL: Kategorieë verskyn in die gebergde liggingskieslys nadat jy ten minste 12 liggings geberg het.

- 1 Kies **Waarheen?** > **Geberg**.
- 2 Kies 'n ligging.
- 3 Kies **i**.
- 4 Kies **≡** > **Wysig** > **Kategorieë**.
- 5 Voer een of meer kategorienam in, geskei deur kommas.
- 6 Indien nodig, kies 'n voorgestelde kategorie.
- 7 Kies **Gedoen**.

Skrap van 'n Gebergde Ligging

LET WEL: Geskrapte liggings kan nie herwin word nie.

- 1 Kies **Waarheen?** > **Geberg**.
- 2 Kies **≡** > **Skrap gebergde plekke**.
- 3 Kies die blokkie langs die gebergde liggings om te skrap, en kies **Skrap**.

Gebruik van die kaart

Jy kan die kaart gebruik om 'n roete te navigeer (*Jou Roete op die Kaart, bladsy 3*) of om na 'n kaart van jou omgewing te kyk wanneer geen roete aktief is nie.

- 1 Kies **Beskou Kaart**.
- 2 Raak aan enige plek op die kaart.
- 3 Kies 'n opsie:
 - Sleep die kaart om links, regs, op en af te beweeg.
 - Kies **+** of **-** om in of uit te zoem.
 - Kies **A** om tussen Noord-bo- en 3-D-aansig te wissel.
 - Om die belangepunte wat vertoon word volgens kategorie te filtreer, kies **Q**.
 - Om 'n roete te begin, kies 'n ligging op die kaart, en kies **Gaan!** (*Gebruik die Kaart om 'n Roete te Begin, bladsy 3*).

Kaartnutsmiddels

Kaartnutsmiddels verskaf vinnige toegang tot inligting en toestelfunksies terwyl jy na die kaart kyk. Wanneer jy 'n kaartnutsmiddel aktiveer, verskyn dit in 'n paneel op die kaart se rand.

Stop: Stop navigasie van die aktiewe roete.

Verander roete: Stel jou in staat om 'n ompad te neem of liggings op jou roete oor te slaan.

Vorentoe: Vertoon opkomende liggings op die roete of die pad waarop jy reis (*Vorentoe, bladsy 10*).

Draaie: Vertoon 'n lys opkomende draaie op jou roete (*Bekyk Draaie en Aanwysings, bladsy 3*).

Ritdata: Vertoon verpersoonlike ritdata, bv. spoed of kilometerlesing (*Besigtig Ritdata vanaf die Kaart, bladsy 10*).

Volume: Verstel die meesteroudiovolume.

Helderheid: Verstel die skermhelderheid.

Telefoon: Vertoon 'n lys onlangse telefoonoproepe vanaf jou gekoppelde telefoon, en vertoon opsies tydens 'n aktiewe oproep (*Gebruik In-oproep-opsies*, bladsy 13).

LiveTrack: Stel jou in staat om LiveTrack-deling te begin en te stop (*LiveTrack*, bladsy 16).

Verkeer: Vertoon verkeersomstandighede op jou roete of in jou gebied (*Besigtig Opkomende Verkeer*, bladsy 10).

Die weer: Vertoon weersomstandighede vir jou gebied.

photoLive: Vertoon regstreekse verkeerskameras vanaf jou photoLive-intekening (*photoLive-verkeerskameras*, bladsy 18).

Rapporteer Kamera: Laat jou toe om 'n spoed- of rooiligkamera te rapporteer. Hierdie nutsmiddel is slegs beskikbaar wanneer jy spoed- of rooiligkamera-data op jou toestel en 'n aktiewe verbinding aan die Smartphone Link-toepassing het (*Paring met Jou Foon en Verbinding aan Smartphone Link*, bladsy 11).

Besigtig 'n Kaartnutsmiddel

1 Vanaf die kaart, kies .

2 Kies 'n kaartnutsmiddel.

Die kaartnutsmiddel verskyn in 'n paneel op die skerm se rand.

3 Wanneer jy die kaartnutsmiddel klaar gebruik het, kies .

Ontspers Kaartnutsmiddels

Net die kaartnutsmiddels wat die algemeenste gebruik word, word by verstek op die kieslys vir kaartnutsmiddels ontsper. Jy kan tot 12 nutsmiddels by die kieslys voeg.

1 Vanaf die kaart, kies .

2 Kies die merkblokkie langs elke nutsmiddel om by te voeg.

3 Kies **Berg**.

Vorentoe

Die Vorentoe-nutsmiddel verskaf inligting oor opkomende liggings op jou roete of die pad waarop jy tans reis. Jy kan opkomende belangepunte, bv. restaurante, vulstasies of rusareas, besigtig. Wanneer jy op 'n snelweg reis, kan jy ook inligting oor en beskikbare dienste vir opkomende afritte en stede besigtig, soortgelyk aan die inligting op snelwegpadtekens.

Jy kan drie kategorieë verpersoonlik om in die Vorentoe-nutsmiddel te vertoon.

Besigtig Opkomende Liggings

1 Vanaf die kaart, kies  > **Vorentoe**.

2 Kies 'n opsie:

- Indien nodig, kies  om elke volgende opkomende ligging in elke kategorie te besigtig.
- Kies  om inligting en beskikbare dienste vir opkomende snelwegafritte of stede te besigtig.

LET WEL: Hierdie opsie is slegs beskikbaar terwyl jy op 'n snelweg reis of wanneer jou roete 'n snelweg insluit.

3 Kies 'n item om 'n lys liggings vir daardie kategorie, afrit of stad te besigtig.

Verpersoonliking van die Vorentoe-kategorieë

Jy kan die liggingkategorieë verander wat in die Vorentoe-nutsmiddel verskyn.

1 Vanaf die kaart, kies  > **Vorentoe**.

2 Kies 'n kategorie.

3 Kies .

4 Kies 'n opsie:

- Om 'n kategorie op of af in die lys te skuif, kies en sleep die pyltjie langs die kategorienaam.
- Om 'n kategorie te verander, kies die kategorie.
- Om 'n pasgemaakte kategorie te skep, kies 'n kategorie, kies **Pasgemaakte Soektoeg** en voer die naam van 'n besigheid of kategorie in.

5 Kies **Gedoen**.

Ritinligting

Besigtig Ritdata vanaf die Kaart

Voordat jy ritdata op die kaart kan sien, moet jy die nutsmiddel by die kieslys vir kaartnutsmiddels voeg (*Ontspers Kaartnutsmiddels*, bladsy 10).

Vanaf die kaart, kies  > **Ritdata**.

Verpersoonliking van die Ritdatavelde

Voordat jy die data kan verpersoonlik wat in die ritdatakaartnutsmiddel verskyn, moet jy die ritdata nutsmiddel by die kieslys vir kaartnutsmiddels voeg (*Ontspers Kaartnutsmiddels*, bladsy 10).

1 Vanaf die kaart, kies  > **Ritdata**.

2 Kies 'n ritdataveld.

3 Kies 'n opsie.

Die nuwe ritdataveld verskyn in die ritdatakaartnutsmiddel.

Besigtig die ritinligtingblad

Die ritinligtingsblad vertoon jou spoed en verskaf statistiek oor jou rit.

LET WEL: As jy gereeld stilhou, hou die toestel aangeskakel sodat dit die tydsverloop tydens die rit akkuraat kan meet.

Vanaf die kaart, kies **Speed**.

Besigtig die Ritlog

Jou toestel hou 'n ritlog by wat 'n rekord is van die roete wat jy gereis het.

1 Kies **Instellings > Kaart & Voertuig > Kaartlae**.

2 Kies die **Ritlog**-merkblokkie.

Herstel van ritinligting

1 Vanaf die kaart, kies **Speed**.

2 Kies  > **Herstel Veld(e)**.

3 Kies 'n opsie:

- Wanneer jy nie 'n roete navigeer nie, kies **Kies Alles** om alle datavelde op die eerste blad te herstel behalwe die snelheidsmeter.
- Kies **Stel Ritdata terug** om die inligting op die Ritrekenaar te herstel.
- Kies **Stel Maks. Spoed terug** om die maksimum spoed te herstel.
- Kies **Stel Rit B terug** om die afstandsmeter te herstel.

Besigtig Opkomende Verkeer

Jy kan opkomende verkeersvoorvalle sien op jou roete of die pad waarop jy reis.

1 Terwyl jy 'n roete navigeer, kies  > **Verkeer**.

Die naaste opkomende verkeersvoorval verskyn in 'n paneel aan die regterkant van die kaart.

2 Kies die verkeersvoorval om bykomende besonderhede te sien.

Besigtig Verkeer op die Kaart

Die verkeerskaart vertoon kleurgekodeerde verkeersvloei en -vertraging op nabygeleë paaie.

1 Kies vanuit die hoofkieslys **Toepassings > Verkeer**.

- 2 Indien nodig, kies  > **Sleutel** om die sleutel vir die verkeerskaart te sien.

Soek vir Verkeersvoorvalle

- 1 Kies vanuit die hoofkieslys **Toepassings > Verkeer**.
- 2 Kies  > **Voorvalle**.
- 3 Kies 'n item in die lys.
- 4 Indien daar meer as een voorval is, gebruik die pyltjies om bykomende voorvalle te sien.

Verpersoonliking van die Kaart

Verpersoonliking van die Kaartlae

Jy kan self kies watter data op die kaart verskyn, soos ikone vir belangepunte en padtoestande.

- 1 Kies **Instellings > Kaart & Voertuig > Kaartlae**.
- 2 Kies die lae om op die kaart in te sluit, en kies **Berg**.

Verander die Kaartdataveld

- 1 Kies 'n dataveld vanaf die kaart.
LET WEL: Jy kan nie Spoed verpersoonlik nie.
- 2 Kies 'n soort data om te vertoon.

Verander die kaartperspektief

- 1 Kies **Instellings > Kaart & Voertuig > Rykaartaansig**.
- 2 Kies 'n opsie:
 - Kies **Roete Op** om die kaart in twee dimensies te vertoon (2-D) met jou reisrigting aan die bokant.
 - Kies **Noord Op** om die kaart in 2-D te vertoon met noord aan die bokant.
 - Kies **3-D** om die kaart in drie dimensies te vertoon.
- 3 Kies **Berg**.

Regstreekse Dienste, Verkeer en Slimfoonkenmerke

Om die meeste uit jou Garmin DriveSmart toestel te kry, moet jy die toestel met jou slimfoon paar en aan die Smartphone Link-toepassing verbind. Die Smartphone Link-toepassing stel jou toestel in staat om regstreekse data te ontvang, insluitend regstreekse verkeersdata, parkeertendense, rooilig- en spoedkameras en ander regstreekse dienste.

Regstreekse verkeersdata: Stuur intydse verkeersdata na jou toestel, byvoorbeeld verkeersinsidente en -vertraginge, konstruksiesones en padsluitings (*Verkeer, bladsy 14*).

Regstreekse parkeerinligting: Stuur intydse parkeertendense na jou toestel, waar beskikbaar (*Parking, bladsy 7*).

Garmin Regstreekse Dienste: Verskaf intekeninglose en betaalde dienste om regstreekse data na jou toestel te stuur, byvoorbeeld rooilig- en spoedkameras, of verkeerskameras (*Garmin Regstreekse Dienste, bladsy 11*).

Weerinligting: Stuur intydse weersomstandighede en -waarskuwings na jou toestel (*Besigtig die Weervoorspelling, bladsy 17*).

LiveTrack: Stel jou in staat om jou rit intyds met gekose kontakte te deel (*LiveTrack, bladsy 16*).

Slimkennisgewings: Vertoon foonkennisgewings en -boodskappe op jou toestel. Hierdie kenmerk is nie vir alle tale beskikbaar nie.

Vryhand-oproep: Stel jou in staat om jou toestel te gebruik om oproepe te maak en te ontvang en om die toestel as 'n vryhand-luidsprekerfoon te gebruik. Indien die gekose taal die stemopdragfunksie ondersteun, kan jy oproepe maak deur stemopdragte te gebruik.

Watch Link: Verskaf voetgangernavigasieleiding na jou bestemming of na jou parkeerplek met die gebruik van 'n versoenbare horlosie van Garmin saam met Connect IQ (*Watch Link, bladsy 16*).

Stuur liggings na jou toestel: Stel jou in staat om liggings vanaf jou slimfoon na jou navigasietoestel te stuur.

Foursquare aanmelding: Stel jou in staat om by liggings van Foursquare aan te meld met die gebruik van jou navigasietoestel (*Aanmeld met Foursquare, bladsy 8*).

Paring met Jou Foon en Verbinding aan Smartphone Link

Jy moet jou toestel van Garmin DriveSmart met jou foon paar en verbind aan Smartphone Link om sekere kenmerke te gebruik, byvoorbeeld regstreekse verkeers- en parkeerinligting, vryhandoproepe en ander gekoppelde kenmerke.

LET WEL: Produkmodelle wat op LMT-D of LMT-HD eindig, kan verkeersdata ontvang deur óf die Smartphone Link-toepassing óf die ingeboude oor-die-lug- digitale verkeersontvanger te gebruik.

Nadat die toestelle gepaar is, verbind hulle outomaties wanneer hulle aangeskakel en binne reikafstand is.

- 1 Installeer die Smartphone Link-toepassing vanuit die toepassingwinkel op jou foon.
- 2 Plaas die toestel van Garmin DriveSmart en jou foon binne 3 m (10 vt.) van mekaar.
- 3 Op die toestel van Garmin DriveSmart, kies **Instellings > Koordlose netwerke**, en kies die **Bluetooth**-merkblokkie.
- 4 Kies **Soek na toestelle**.
- 5 Op jou foon, ontsper Bluetooth se koordlose tegnologie en stel die foon om ontdekbaar te wees.
Raadpleeg jou foon se gebruikershandleiding vir meer inligting.
- 6 Op jou toestel van Garmin DriveSmart, kies **Goed**.
Die Garmin DriveSmart toestel begin na Bluetooth toestelle naby te soek, en 'n lys van alle Bluetooth toestelle verskyn. Dit kan tot 'n minuut neem vir jou foon om op die lys te verskyn.
- 7 Kies jou foon uit die lys en kies **Goed**.
- 8 Bevestig die paringversoek op jou foon.
- 9 Maak die Smartphone Link-toepassing op jou foon oop.
Indien jy met 'n met 'n toestel van Apple® paar, sal 'n sekuriteitskode op die skerm van Garmin DriveSmart verskyn.
- 10 Indien nodig, voer die sekuriteitskode binne 30 sekondes op jou foon in.

Bluetooth Kenmerkstatusikone

Statusikone verskyn in Bluetooth se instellings langs elke gepaarde foon.

Kies **Instellings > Koordlose netwerke**.

- 'n Grys ikoon dui aan die kenmerk is vir daardie foon versper of nie daarvoor verbind nie.
- 'n Gekleurde ikoon dui aan die kenmerk is vir daardie foon aktief en is daarvoor verbind.

	Vryhand-oproep
	Slimkennisgewings
	Smartphone Link-kenmerke en -dienste

Garmin Regstreekse Dienste

Voordat jy Regstreekse Dienste van Garmin kan gebruik, moet jou toestel verbind wees aan Smartphone Link (*Paring met Jou Foon en Verbinding aan Smartphone Link, bladsy 11*).

Regstreekse Dienste van Garmin verskaf gratis en intekening-gebaseerde planne wat regstreekse data na jou toestel stuur, byvoorbeeld verkeersomstandighede, weer en rooilig- en spoedkameras.

Sommige dienste, soos die weer, is as afsonderlike toepassings op jou toestel beskikbaar. Ander dienste, soos verkeer, verbeter die bestaande navigasie-kenmerke op jou toestel. Kenmerke wat toegang tot Garmin Regstreekse Dienste benodig, vertoon die Smartphone Link-simbool en verskyn slegs as die toestel aan Smartphone Link verbind is.

Teken in op Garmin Regstreekse Dienste

Sommige Regstreekse Dienste van Garmin DriveSmart benodig 'n betaalde intekening. Jy kan in die Smartphone Link-toepassing 'n intekening as 'n aankoop binne die toepassing koop. Die intekening is gekoppel aan die toepassingwinkelrekening vir jou slimfoon.

- 1 Maak die Smartphone Link-toepassing op jou slimfoon oop.
- 2 Kies **My rekening**.
'n Lys beskikbare dienste en intekenpryse verskyn.
- 3 Kies 'n diens.
- 4 Kies die prys.
- 5 Kies **Teken in**.
- 6 Volg die instruksies op die skerm om die aankoop te voltooi.

Stuur 'n Ligging vanaf Jou Slimfoon na Jou Toestel

Jy kan vir 'n ligging soek deur die Smartphone Link-toepassing op jou foon te gebruik, en dit na jou toestel van Garmin DriveSmart stuur.

- 1 Maak die Smartphone Link-toepassing op jou slimfoon oop.
- 2 Kies 'n opsie:
 - Kies **Vind Nabygeleë Plekke** om 'n nabygeleë ligging te vind, en voer die hele adres of 'n gedeelte daarvan, of die naam van 'n plek in.
 - Om 'n nabygeleë belangepunt van Foursquare te vind, kies **Foursquare**, en kies 'n belangepunt uit die lys.
 - Om 'n ligging op die kaart te kies, kies **Kies ligging**, en raak aan die ligging op die kaart.
 - Om 'n adres vanuit jou kontaktelys te vind, kies **Kontakte**, en kies 'n kontaknaam.

Die gekose ligging verskyn op die kaart.

3 Kies **Stuur**.

Die Smartphone Link-toepassing stuur die ligging na jou Garmin DriveSmart.

- 4 Kies op jou Garmin DriveSmart toestel 'n opsie:
 - Om na die ligging te begin navigeer, kies **Gaan!**.
 - Om besonderhede oor die ligging te sien, of om die ligging na jou gunsteling te berg, kies **i**.
 - Om die ligging te aanvaar sonder om navigasie te begin, kies **Goed**.

Die ligging verskyn in jou onlangs opgespoorde liggings op jou toestel van Garmin DriveSmart.

Slimkennissgewings

Terwyl jou toestel aan die Smartphone Link-toepassing verbind is, kan jy kennissgewings vanaf jou slimfoon op jou toestel van Garmin DriveSmart besigtig, bv. SMS'e, inkomende oproepe en kalenderafsprake.

LET WEL: Jy sal dalk 'n paar minute moet wag om kennissgewings op jou navigasietoestel te ontvang nadat dit aan die Smartphone Link-toepassing verbind het.  vertoon gekleurde in Bluetooth se instellings wanneer slimkennissgewings verbind en aktief is (**Bluetooth Kenmerkstatusikone**, bladsy 11).

Ontvang Kennissgewings

WAARSKUWING

Moet nie kennissgewing lees of dit beantwoord terwyl jy bestuur nie.

Voordat jou toestel van Garmin DriveSmart kennissgewings kan ontvang, moet jy dit aan jou slimfoon en die Smartphone Link-toepassing verbind.

'n Opspringvenster verskyn van die meeste bladsye wanneer die toestel 'n kennissgewing van jou slimfoon ontvang. Indien die toestel beweeg, moet jy bevestig jy is 'n passasier en nie die bestuurder nie voordat jy kennissgewings kan besigtig.

LET WEL: Indien jy die kaart besigtig, verskyn kennissgewings in 'n kaartnuttmiddel.

- Om 'n kennissgewing te ignoreer, kies **Goed**.
Die opspringvenster maak toe, maar die kennissgewing bly aktief op jou foon.
- Om 'n kennissgewing te besigtig, kies **Beskou**.
- Om na die kennissgewing te luister, kies **Beskou > Speel**.
Die toestel lees die kennissgewing met die gebruik van teks-na-spraak-tegnologie. Hierdie kenmerk is nie vir alle tale beskikbaar nie.
- Om ekstra handelinge uit te voer, bv. om die kennissgewing op jou foon toe te maak, kies **Beskou**, en kies 'n opsie.
LET WEL: Ekstra handelinge is slegs vir sekere soorte kennissgewings beskikbaar, en moet ondersteun word deur die toepassing wat die kennissgewing genereer.

Ontvang Kennissgewings terwyl Jy die Kaart Besigtig

WAARSKUWING

Moet nie kennissgewings lees of dit beantwoord terwyl jy bestuur nie.

Voordat jou Garmin DriveSmart toestel kennissgewings kan ontvang, moet jy dit aan jou slimfoon en die Smartphone Link-toepassing verbind.

Wanneer jy die kaart besigtig, verskyn nuwe kennissgewings in 'n kaartnuttmiddel op die skerm se rand. Indien die toestel beweeg, moet jy bevestig jy is 'n passasier en nie die bestuurder nie voordat jy kennissgewings kan besigtig.

- Om 'n kennissgewing te ignoreer, kies **X**, of wag vir die opwikkenissgewing om te verstryk.
Die opspringvenster maak toe, maar die kennissgewing bly aktief op jou foon.
- Om 'n kennissgewing te besigtig, kies die kennissgewingteks.
- Om na die kennissgewing te luister, kies **Speel boodskap**.
Die toestel lees die kennissgewing met die gebruik van teks-na-spraak-tegnologie. Hierdie kenmerk is nie vir alle tale beskikbaar nie.
- Om 'n stemopdrag te gebruik om na die kennissgewing te luister, sê **Speel boodskap**.
LET WEL: Hierdie opsie is slegs beskikbaar wanneer die gekose taal die stemopdragkenmerk ondersteun, en  in die kaartnuttmiddel verskyn.
- Om ekstra aksies uit te voer, bv. om die kennissgewing op jou foon toe te maak, kies **Beskou**, en kies 'n opsie.
LET WEL: Bykomende aksies is slegs vir sekere soorte kennissgewings beskikbaar, en moet ondersteun word deur die toepassing wat die kennissgewing genereer.

Besigtig die Lys Kennissgewings

Jy kan 'n lys van alle aktiewe kennissgewings besigtig.

- 1 Kies **Toepassings > Slimkennissgewings**.

Die lys kennisgewings verskyn. Ongelese kennisgewings vertoon swart, en voorheen gelese kennisgewings vertoon grys.

2 Kies 'n opsie:

- Om 'n kennisgewing te besigtig, kies die kennisgewingbeskrywing.
- Om na 'n kennisgewing te luister, kies ►.

Die toestel lees die kennisgewing met die gebruik van teks-na-spraak-tegnologie. Hierdie kenmerk is nie vir alle tale beskikbaar nie.

Vryhand-oproepdoen

LET WEL: Terwyl die meeste fone ondersteun en gebruik kan word, kan die gebruik van 'n bepaalde foon nie gewaarborg word nie. Alle kenmerke is moontlik nie vir jou foon beskikbaar nie.

Met gebruik van Bluetooth koordlose tegnologie, kan jou toestel aan jou selfoon verbind om 'n vryhandtoestel te word (*Paring met Jou Foon en Verbinding aan Smartphone Link*, bladsy 11). Terwyl jou toestel verbind is, kan jy dit gebruik om oproepe te maak of te ontvang.

Maak van 'n Oproep

Skakel 'n Nummer

- 1 Kies **Toepassings > Telefoon > Skakel**.
- 2 Voer die nommer in.
- 3 Kies **Skakel**.

Skakel 'n Kontak in Jou Telefoonboek

Jou foonboek word vanaf jou foon na die toestel gelaai elke keer as jou foon en die toestel verbind. Dit kan 'n paar minute vir die telefoonboek neem om beskikbaar te wees. Sommige fone ondersteun nie hierdie kenmerk nie.

- 1 Kies **Toepassings > Telefoon > Telefoonboek**.
- 2 Kies 'n kontak.
- 3 Kies **Skakel**.

Skakel na 'n Ligging

- 1 Kies **Toepassings > Telefoon > Blaai deur Kategorieë**.
- 2 Kies 'n belangepunt.
- 3 Kies **Skakel**.

Ontvang van 'n Oproep

Wanneer jy 'n oproep ontvang, kies **Antwoord** of **Ignoreer**.

Gebruik die Oproepgeskiedenis

Jou oproepgeskiedenis word elke keer wat jou foon en die toestel verbind, vanaf jou foon na die toestel gelaai. Dit kan 'n paar minute vir die oproepgeskiedenis neem om beskikbaar te wees. Sommige fone ondersteun nie hierdie kenmerk nie.

- 1 Kies **Toepassings > Telefoon > Oproepgesk.**
- 2 Kies 'n kategorie.
'n Lys van oproepe verskyn, met die mees onlangse oproepe bo-aan.
- 3 Kies 'n oproep.

Gebruik In-oproep-opsies

Terwyl jy met 'n oproep besig is, kan jy in-oproep-opsies vanaf die kaart kies.

- Om audio na jou foon oor te dra, kies .
WENK: Jy kan hierdie kenmerk gebruik as jy jou toestel wil afskakel en die oproep wil behou, of as jy privaatheid benodig.
- Om die skakelblad te gebruik, kies .
WENK: Jy kan hierdie kenmerk gebruik om outomatiese stelsels te gebruik, soos stempos.

- Om die mikrofoon te demp, kies .
- Om af te lui, kies .

Berg 'n Huisfoonnommer

WENK: Nadat jy 'n huisnommer geberg het, kan jy die huisnommer wysig deur "Huis" in jou lys van gebergde liggings te wysig (*Wysiging van 'n Gebergde Ligging*, bladsy 9).

- 1 Kies **Toepassings > Telefoon >  > Stel Huisnommer in**.
- 2 Voer jou telefoonnommer in.
- 3 Kies **Gedoen**.

Skakel huis toe

Voordat jy huis toe kan bel, moet jy 'n telefoonnommer vir jou huisligging invoer.

Kies **Toepassings > Telefoon > Skakel die huis**.

Stel van Bluetooth se Kenmerke vir Jou Toestel van Apple

Alle versoenbare kenmerke van Bluetooth is by verstek ontsper wanneer jy jou foon paar. Jy kan sekere kenmerke ontsper, versper of verpersoonlik.

Verbind aan die Smartphone Link-toepassing op Jou Apple toestel

Voordat jy aan die Smartphone Link-toepassing kan verbind, moet jy jou toestel van Garmin DriveSmart met jou foon paar.

indien jy nie tydens die paringproses aan die Smartphone Link-toepassing verbind het nie, kan jy daaraan verbind vir ekstra kenmerke van Bluetooth. Die Smartphone Link-toepassing kommunikeer met jou foon deur Bluetooth tegnologie te gebruik. Die eerste keer wat jy aan die Smartphone Link-toepassing op 'n Apple toestel verbind, moet jy 'n Bluetooth sekuriteitskode invoer.

- 1 Installeer die Smartphone Link-toepassing vanuit die toepassingwinkel op jou foon.
LET WEL: Jy moet dalk na die jongste weergawe van jou foon se bedryfstelsel opdateer.
- 2 Maak die Smartphone Link-toepassing op jou foon oop.
'n Sekuriteitskode verskyn op die toestel van Garmin DriveSmart se skerm.
- 3 Voer die kode op jou foon in.

Versper Vryhandoproepe vir Jou Toestel van Apple

Jy kan vryhandoproepe versper en aan jou foon verbind bly vir Smartphone Link-data en -kennisgewings.

- 1 Kies **Instellings > Koordlose netwerke**.
- 2 Kies die foonnaam wat vir vryhandoproepe gebruik word.
WENK: Jou foon kan moontlik met vryhandoproepe en data verbind deur twee verskillende name te gebruik.  vertoon gekleur langs die foonnaam wat vir vryhandoproepe gebruik word.
- 3 Wis die **Telefoonoproepe**-merkblokkie.

Versper Smartphone Link-data en Slimkennisgewings vir Jou Toestel van Apple

Jy kan Smartphone Link-data en -slimkennisgewings versper en aan jou foon verbind bly vir vryhandoproepe.

- 1 Kies **Instellings > Koordlose netwerke**.
- 2 Kies die foonnaam wat aan Smartphone Link-data en -kennisgewings verbind is.
WENK: Jou foon kan moontlik met vryhandoproepe en data verbind deur twee verskillende name te gebruik.  en  vertoon blou langs die foonnaam wat vir data en kennisgewings gebruik word.
- 3 Wis die **Slimfoondienste**-merkblokkie.

Vertoon of Versteek Kennisgewingskategorieë vir Jou Toestel van Apple

Jy kan die kennisgewings wat op jou toestel vertoon word, filtreer deur kategorieë te vertoon of te versteek.

- 1 Kies **Instellings > Koordlose netwerke**.
- 2 Kies die foonnaam wat aan Smartphone Link-data en -kennisgewings verbind is.
WENK: Jou foon kan moontlik met vryhandoproepe en data verbind deur twee verskillende name te gebruik.  en  vertoon gekleurde langs die foonnaam wat vir data en kennisgewings gebruik word.
- 3 Kies **Slimkennisgewings**.
- 4 Kies die merkblokkie langs elke kennisgewing wat vertoon moet word.

Stel van Bluetooth se Kenmerke vir Jou Slimfoon van Android™

Alle versoenbare kenmerke van Bluetooth is by verstek ontsper wanneer jy jou foon paar. Jy kan sekere kenmerke ontsper, versper of verpersoonlik.

Verbind aan die Smartphone Link-toepassing op Jou Android-slimfoon

Voordat jy aan die Smartphone Link-toepassing kan verbind, moet jy jou toestel van Garmin DriveSmart met jou foon paar. indien jy nie tydens die paringproses aan die Smartphone Link-toepassing verbind het nie, kan jy daaraan verbind vir ekstra kenmerke van Bluetooth.

- 1 Installeer die Smartphone Link-toepassing vanuit die toepassingwinkel op jou foon.
- 2 Maak die Smartphone Link-toepassing op jou foon oop.

Versper Kenmerke van Bluetooth vir Jou Slimfoon met Android

Jy kan spesifieke kenmerke van Bluetooth versper en aan ander kenmerke verbind bly.

- 1 Kies **Instellings > Koordlose netwerke**.
- 2 Kies die foonnaam.
- 3 Kies 'n opsie:
 - Om vryhandoproepe te versper, moet jy die **Telefoonoproepe**-merkblokkie wis.
 - Om Smartphone Link-data en -slimkennisgewings te versper, moet jy die **Smartphone Link**-merkblokkie wis.
 - Om spesifieke toepassingkennisgewings te versper, moet jy die instellings in die Smartphone Link-toepassing gebruik.

Vertoon of Versteek Kennisgewings vir Jou Slimfoon met Android

Jy kan die Smartphone Link-toepassing gebruik om te kies watter soort kennisgewings op jou toestel van Garmin DriveSmart verskyn.

- 1 Maak die Smartphone Link-toepassing op jou foon oop.
- 2 Kies .
- 3 Bevestig die **Slimkennisgewings**-merkblokkie is gekies.
- 4 Van die **Kennisgewings**-afdeling, kies **Instellings**.
'n Lys kennisgewingskategorieë en toepassings verskyn.
- 5 Kies 'n opsie:
 - Kies die wipskakelaar langs die kategorie- of toepassingnaam om 'n kennisgewing te ontsper of versper.
 - Om 'n toepassing by die lys te voeg, kies **+**.

Ontkoppel 'n Bluetooth toestel

Jy kan 'n Bluetooth toestel tydelik ontkoppel sonder om dit van die gepaarde-toestelle-lys te skrap. Die Bluetooth toestel kan outomaties aan jou Garmin DriveSmart toestel in die toekoms verbind.

- 1 Kies **Instellings > Koordlose netwerke**.
- 2 Kies die toestel om te ontkoppel.
- 3 Wis die merkblokkie langs die naam van jou gepaarde toestel.

Skrap 'n gepaarde foon

Jy kan 'n gepaarde foon skrap om te verhoed dat dit outomaties in die toekoms met jou toestel verbind.

- 1 Kies **Instellings > Koordlose netwerke**.
- 2 Kies die foon en kies **Ontpaar toestel**.

Verkeer

KENNISGEWING

Garmin is nie verantwoordelik vir die akkuraatheid of tydigheid van die verkeersinligting nie.

Jou toestel kan inligting verskaf oor verkeer op die pad vorentoe of op jou roete. Jy kan jou toestel stel om verkeer tydens die berekening van roetes te vermy, en om 'n nuwe roete na jou bestemming te vind indien 'n groot verkeersvertraging op jou aktiewe roete voorkom (*Verkeersinstellings*, bladsy 20). Die verkeerskaart stel jou in staat om deur die kaart te blaai vir verkeersvertraging in jou area.

Om verkeersinligting te verskaf, moet jou toestel verkeersdata ontvang.

- Jou toestel ontvang intekeninglose verkeersdata deur die Smartphone Link-toepassing (*Ontvang Verkeersdata Met Gebruik Van Smartphone Link*, bladsy 14).
- Alle produkmodelle kan gratis verkeersdata ontvang deur 'n kabelbykomstigheid vir verkeersontvangers wat seine deur die lug ontvang (*Ontvang tans verkeersdata met gebruik van 'n verkeersontvanger*, bladsy 14). Besoek jou produktebladsy by garmin.com om 'n versoenbare verkeersontvanger-kabelbykomstigheid te vind en te koop.
- Produkmodelle wat eindig op -D of HD kan verkeersdata ontvang met gebruik van die ingeboude digitale verkeersontvanger en die voertuigkragkabel wat ingesluit is (*Ontvang tans verkeersdata met gebruik van 'n verkeersontvanger*, bladsy 14).

Verkeersdata is nie in alle areas beskikbaar nie. Vir inligting oor verkeersdekkinggebiede, besoek www.garmin.com/traffic.

Ontvang Verkeersdata Met Gebruik Van Smartphone Link

Jou toestel kan intekeninglose verkeersdata deur die Smartphone Link-toepassing ontvang.

- 1 Verbind jou toestel aan Smartphone Link (*Paring met Jou Foon en Verbinding aan Smartphone Link*, bladsy 11).
- 2 Op jou Garmin DriveSmart toestel, kies **Instellings > Verkeer** en verifieer dat die **Verkeer**-merkblokkie gekies is.

Ontvang tans verkeersdata met gebruik van 'n verkeersontvanger

KENNISGEWING

Verhitte (gemetalliseerde) windskerms kan die werkverrigting van die verkeersontvanger verlaag.

'n Verkeersontvanger ontvang, waar beskikbaar, verkeersdata vanaf 'n sein wat deur die lug uitgesaai word. 'n Kabel vir 'n

verkeersontvanger wat seine oor die lug ontvang, is 'n bykomstigheid vir alle produkmodelle. Besoek jou produktebladsy by garmin.com om 'n versoenbare verkeersontvangerkabel-bykomstigheid te vind en te koop. Verkeersdata is nie in alle areas beskikbaar nie.

Gebruik die verkeersontvangerkabel en koppel die toestel aan voertuigkrag (*Monteer en Aandryf van die Garmin DriveSmart Toestel in jou Voertuig*, bladsy 1).

LET WEL: Indien jou produkmodel op LMT-D of LMTD eindig, moet jy die kragkabel gebruik wat by jou toestel ingesluit is. Die kragkabel het 'n geïntegreerde antenne vir die ingeboude digitale verkeersontvanger. Waar beskikbaar, ontvang die digitale verkeersontvanger verkeersdata vanaf FM-radiostasies deur HD Radio™ tegnologie te gebruik.

Wanneer jy binne 'n verkeersdekkinggebied is, kan jou toestel verkeersinligting vertoon en jou help om verkeersvertraging te vermy.

Verkeersontvanger-intekeninge

'n Streeksverkeersdata-intekening word by die meeste verkeersontvangers ingesluit. Jy kan intekeninge vir ekstra streke by jou verkeersontvanger voeg. Vir meer inligting, besoek garmin.com/traffic.

Besigtig Verkeersintekeninge

Kies **Instellings > Verkeer > Intekeninge**.

Byvoeg van 'n Intekening

Jy kan verkeersintekeninge vir ander streke of lande koop.

- 1 Kies vanuit die hoofkieslys **Verkeer**.
- 2 Kies **Intekeninge > +**.
- 3 Skryf die FM-verkeersontvanger se eenheid-ID neer.
- 4 Besoek www.garmin.com/fmtraffic om 'n intekening te koop en kry 'n kode van 25 karakters.

Die verkeersintekenkode kan nie weer gebruik word nie. Jy moet 'n nuwe kode kry elke keer wat jy jou diens hernu. Indien jy meer as een FM-verkeersontvanger besit, moet jy 'n nuwe kode vir elke ontvanger kry.

- 5 Kies **Volgende** op die toestel.
- 6 Voer die kode in.
- 7 Kies **Gedoen**.

Ontspers van Verkeer

Jy kan verkeersdata ontsper of versper.

- 1 Kies **Instellings > Verkeer**.
- 2 Kies die **Verkeer**-merkblokkie.

Besigtig Verkeer op die Kaart

Die verkeerskaart vertoon kleurgekodeerde verkeersvloei en -vertraging op nabygeleë paaie.

- 1 Kies vanuit die hoofkieslys **Toepassings > Verkeer**.
- 2 Indien nodig, kies **≡ > Sleutel** om die sleutel vir die verkeerskaart te sien.

Soek vir Verkeersvoorvalle

- 1 Kies vanuit die hoofkieslys **Toepassings > Verkeer**.
- 2 Kies **≡ > Voorvalle**.
- 3 Kies 'n item in die lys.
- 4 Indien daar meer as een voorval is, gebruik die pyltjies om bykomende voorvalle te sien.

Stemopdrag

LET WEL: Stemopdrag is nie vir alle tale en streke beskikbaar nie, en is moontlik nie vir alle modelle beskikbaar nie.

LET WEL: Stemgeaktiveerde Navigasie kan moontlik nie gewenste werkverrigting bereik wanneer dit in 'n raserige omgewing is nie.

Stemopdrag laat jou toe om jou toestel te gebruik deur woorde en opdragte te sê. Die stemopdrag-kieslys verskaf stemaanporboodskappe en 'n lys van beskikbare opdragte.

Instel van die ontwaakfrase

Die ontwaakfrase is 'n woord of frase wat jy kan sê om stemopdrag te aktiveer. Die verstekontwaakfrase is Stemopdrag.

WENK: Jy kan die kans van toevallige stemopdrag-aktivering verminder deur 'n sterk ontwaakfrase te gebruik.

- 1 Kies **Toepassings > Stemopdrag >  > Ontwaakfrase**.
- 2 Voer 'n nuwe ontwaakfrase in.
Die toestel dui die sterkte van die ontwaakfrase aan soos wat jy die frase invoer.
- 3 Kies **Gedoen**.

Aktivering van Stemopdrag

Sê jou ontwaakfrase.

Die stemopdragkieslys verskyn.

Stemopdragwenke

- Praat in 'n normale stem in die rigting van die toestel.
- Verminder agtergrondgeraas, soos stemme of die radio, om die akkuraatheid van die stemherkenning te vermeerder.
- Sê opdragte soos wat hulle op die skerm verskyn.
- Reageer soos nodig op stemaanporboodskappe van die toestel.
- Vermeerder die lengte van jou ontwaakfrase om die kans van toevallige stemopdrag-aktivering te verminder.
- Luister vir twee tone om te bevestig wanneer die toestel stemopdrag binnegaan of verlaat.

Begin 'n Roete deur Gebruik van Stemopdragte

Jy kan die name van gewilde en bekende liggings sê.

- 1 Sê jou ontwaakfrase (*Instel van die ontwaakfrase*, bladsy 15).
- 2 Sê **Vind Plek**.
- 3 Luister na die stemaanporboodskap, en sê die naam van die ligging.
- 4 Sê die lynnommer.
- 5 Sê **Navigeer**.

Dempinstruksies

Jy kan die stemporboodskappe vir stemopdragte versper sonder om die toestel te demp.

- 1 Kies **Toepassings > Stemopdrag > **.
- 2 Kies **Demp instruksies > Is ontsper**.

Stembeheer

Vir streke waar die Stemopdrag-kenmerk onbeskikbaar is, is die Stembeheer-kenmerk geaktiveer. Stembeheer laat jou toe om jou stem te gebruik om die toestel te beheer. Voordat jy die Stembeheer-kenmerk kan gebruik, moet jy dit vir jou stem konfigureer.

Konfigureer stembeheer

Die Stembeheer-kenmerk moet vir 'n enkele gebruiker se stem gekonfigureer word en werk nie vir ander gebruikers nie.

- 1 Kies **Toepassings > Stembeheer**.

- 2 Volg die instruksies op die skerm om opdragte vir elke stembefeersfrase op te neem.
- LET WEL:** Jy hoef nie die presiese frase op die skerm te lees nie. Jy kan 'n alternatiewe opdrag met dieselfde betekenis op grond van jou voorkeur sê.
- Om 'n stembefeer-kenmerk te gebruik, moet jy die opdrag sê wat jy vir die kenmerk opgeneem het.

Gebruik van stembefeer

- 1 Sê die opdrag wat jy vir die **Stembefeer**-frase opgeneem het.
- Die stembefeerkieslys verskyn.
- 2 Volg die op-skerm-instruksies.

Stembefeerwenke

- Praat in 'n normale stem in die rigting van die toestel.
- Verminder agtergrondgeraas, soos stemme of die radio, om die akkuraatheid van die stemherkenning te vermeerder.
- Sê opdragte soos wat hulle op die skerm verskyn.
- Luister vir 'n toon om te bevestig wanneer die toestel suksesvol 'n opdrag ontvang.

Gebruik van die Toepassings

Besigtiging van die Eienaarshandleiding op Jou Toestel

Jy kan die volledige eienaarshandleiding in verskillende tale op die toestelskerm besigtig.

- 1 Kies **Toepassings > Gebruikershandleiding**.
- Die eienaarshandleiding verskyn in dieselfde taal as die sagtewareteks (*Taal- en Toetsbordinstellings*, bladsy 20).
- 2 Kies **Q** om deur die eienaarshandleiding te soek (opsioneel).

Watch Link

Die Watch Link-toepassing brei navigasiekenmerke van jou Garmin DriveSmart toestel uit na 'n versoenbare Garmin horlosie met Connect IQ.

LET WEL: Hierdie kenmerk benodig 'n Garmin horlosie wat in staat is om Connect IQ toepassings te loop, sowel as 'n slimfoon.

Vind My Bestemming: Lei jou na jou bestemming met gebruik van die horlosieskerm. Hierdie kenmerk is veral nuttig wanneer jy 'n ent van jou bestemming af moet parkeer en jou navigasie per voet moet voltooi (*Vind Jou Bestemming deur Jou Garmin Horlosie te Gebruik*, bladsy 4).

Vind My Kar: Lei jou na jou voertuig se laaste aangetekende parkeerplek (*Vind Jou Laaste Parkeerplek*, bladsy 4).

Bestuurderwaarskuwings: Laat die horlosie vibreer wanneer die toestel 'n bestuurderwaarskuwing vertoon, en vertoon 'n waarskuwingikoon op die horlosieskerm (*Ontvangs van Bestuurderwaarskuwings op Jou Horlosie*, bladsy 16).

Opstelling van Watch Link

Voordat jy Watch Link kan opstel, moet jy hierdie take voltooi:

- Paar jou Garmin DriveSmart toestel met die Smartphone Link-toepassing op jou slimfoon (*Paring met Jou Foon en Verbinding aan Smartphone Link*, bladsy 11).
- Paar jou versoenbare Garmin horlosie met die Garmin Connect™ toepassing op jou slimfoon. Raadpleeg jou horlosie se eienaarshandleiding vir meer inligting.

Die Watch Link-kenmerk gebruik jou slimfoon om inligting vanaf jou Garmin DriveSmart toestel na die Watch Link-toepassing op jou versoenbare Connect IQ horlosie te stuur.

- 1 Maak die Garmin Connect toepassing op jou slimfoon oop.

- 2 Na gelang van jou slimfoon se bedryfstelsel, kies  of  om die kieslys oop te maak.
- 3 Kies **Connect IQ Store**.
- 4 Soek vir die Watch Link-toepassing, en kies **Laai af**.
- Die Connect IQ Watch Link-toepassing word op jou horlosie geïnstalleer.
- 5 Maak die Smartphone Link-toepassing op jou slimfoon oop.
- 6 Kies **Watch Link**.
- WENK:** Jy sal dalk links of regs moet vee om die opsie vir Watch Link te vind.
- 7 Kies jou horlosie uit die lys en kies **Gaan voort**.
- 8 Kies **Goed** wanneer die opstel voltooi is.

Wanneer jou foon aan jou Garmin DriveSmart toestel verbind, begin die Watch Link-toepassing op jou horlosie outomaties.

Ontvangs van Bestuurderwaarskuwings op Jou Horlosie

Voordat jy hierdie kenmerk kan gebruik, moet jy Watch Link (*Opstelling van Watch Link*, bladsy 16) opstel.

Jou versoenbare Garmin horlosie kan gespesifiseerde bestuurderwaarskuwings vanaf jou Garmin DriveSmart toestel vertoon. Jy kan kies watter waarskuwings op jou horlosie verskyn.

- 1 Op jou Garmin DriveSmart toestel, kies **Toepassings > Watch Link**.
- 2 Kies elke tipe waarskuwing wat jy op jou horlosie wil ontvang.
- 3 Maak die Watch Link-toepassing op jou horlosie oop, en kies **Bestuurderwaarskuwings**.
- Terwyl jy met jou Garmin DriveSmart toestel navigeer, vibreer die horlosie en vertoon dit die gespesifiseerde bestuurderwaarskuwings soos dit plaasvind.

LiveTrack

KENNISGEWING

Wees versigtig wanneer jy jou ligginginligting met ander deel.

Die LiveTrack-kenmerk stel jou in staat om jou rit met kontakte van jou slimfoon en jou sosiaalnetwerkrekening, byvoorbeeld Facebook en Twitter, te deel. Terwyl jy deel, kan kykers jou huidige ligging, onlangs besoekte liggings en die pad van jou onlangse reise intyds naspoor.

Hierdie kenmerk benodig 'n slimfoon wat die Smartphone Link-toepassing laat loop.

Opstel van LiveTrack-deling, en Uitnoui van Kykers

Die eerste keer wat jy die LiveTrack-kenmerk gebruik, moet jy die kenmerk opstel en kykers uitnoui.

- 1 Verbind aan **Smartphone Link** (*Paring met Jou Foon en Verbinding aan Smartphone Link*, bladsy 11).
- 2 Maak die Smartphone Link-toepassing op jou horlosie oop, en kies **LiveTrack**.
- 3 Voer 'n gebruikersnaam in, en kies **Volgende**.
- 4 Voer een of meer kontakte in om uit te noui.
- Jy kan óf die kontaknaam óf die e-posadres invoer.
- 5 Kies **Begin LiveTrack**.
- Die toepassing begin jou LiveTrack-data deel. Uitgenooide kykers ontvang 'n e-pos met 'n skakel om jou LiveTrack-data te besigtig.
- 6 Kies  om die LiveTrack-skakel te deel deur 'n sosiale netwerk, boodskaptoeëassing of ander delingtoeëassing (opsioneel) te gebruik.

Begin LiveTrack-deling

KENNISGEWING

Wees versigtig wanneer jy jou ligginginligting met ander deel.

Voordat jy kan begin deel, moet jy die LiveTrack-kenmerk (*Opstel van LiveTrack-deling, en Uitnoot van Kykers, bladsy 16*) opstel.

Jy kan jou LiveTrack-data begin deel met die gebruik van jou Garmin DriveSmart toestel of die Smartphone Link-toepassing.

- Op Garmin DriveSmart toestel, kies **Toepassings > LiveTrack > Begin LiveTrack**.
- Maak die Smartphone Link-toepassing op jou slimfoon oop, en kies **LiveTrack > Begin LiveTrack**.

'n Skakel om jou LiveTrack-data te bekyk, word na jou ontsperde sosiaalnetwerkrekening geplaas, en 'n e-pos met die skakel word na jou uitgenooide kontakte gestuur. Terwyl jy deel, kan kykers op die skakel klik om jou huidige ligging, onlangs besoekte liggings en die pad van jou onlangse reise intyds na te spoor.

👁️ verskyn in die Garmin DriveSmart statusbalk terwyl LiveTrack-deling aktief is. Die aantal uitgenooide kykers verskyn ook.

WENK: Die LiveTrack-deelsessies eindig by verstek outomaties ná 24 uur. In die Smartphone Link-program kan jy **LiveTrack > Verleng LiveTrack** kies om die duur van die LiveTrack-deelsessie te verleng, of jy kan enige tyd ophou deel.

Hou op LiveTrack Deel

Jy kan deling LiveTrack enige tyd stop deur jou Garmin DriveSmart toestel of die Smartphone Link toepassing te gebruik.

- Kies op jou Garmin DriveSmart toestel, **Toepassings > LiveTrack > Stop LiveTrack**.
- Maak die Smartphone Link-toepassing op jou slimfoon oop, en kies **LiveTrack > Stop LiveTrack**.

Kykers ontvang 'n boodskap dat die LiveTrack-sessie beëindig is, en hulle jou ligging nie meer kan naspoor nie.

Besigtig die Weervoorspelling

Voordat jy hierdie kenmerk kan gebruik, moet jou toestel weerdata ontvang. Jy kan jou toestel aan die Smartphone Link-toepassing verbind om weerdata te ontvang (*Paring met Jou Foon en Verbinding aan Smartphone Link, bladsy 11*). In sommige areas kan produkmodelle wat 'n digitale verkeersontvanger insluit weerinligting vanaf FM-radiostasies ontvang wat tegnologie van HD Radio (*Verkeer, bladsy 14*) gebruik. Weervoorspellings is nie in alle gebiede beskikbaar nie.

1 Kies Toepassings > Die weer.

Die toestel vertoon die huidige weersomstandighede en 'n voorspelling vir die volgende paar dae.

2 Kies 'n dag.

Die gedetailleerde voorspelling vir daardie dag verskyn.

Sien Weer Naby 'n Ander Stad

1 Kies Toepassings > Die weer > Huidige Ligging.

2 Kies 'n opsie:

- Om weer vir 'n gunstelingstad te sien, kies 'n stad in die lys.
- Om 'n gunstelingstad by te voeg, kies **Voeg Stad by**, en voer 'n stadnaam in.

Besigtig die weerradar

Voordat jy hierdie kenmerk kan gebruik, moet jy Gevorderde Weerdiens koop met gebruik van Smartphone Link.

Jy kan 'n geanimeerde, kleurgekodeerde radarkaart van huidige weertoestande sien, sowel as 'n weerikoon op die kaart. Die

weerikoon verander om weer in die omtrek soos reën, sneeu en donderstorms te toon.

1 Kies Toepassings > Die weer.

2 Indien nodig, kies 'n stad.

3 Kies ☰ > Weerradar.

Besigtig weerwaarskuwings

Voordat jy hierdie kenmerk kan gebruik, moet jy Gevorderde Weerdiens koop met gebruik van Smartphone Link.

Terwyl jy met jou toestel reis, kan weerwaarskuwings op die kaart verskyn. Jy kan ook 'n kaart van weerwaarskuwings naby jou huidige ligging of naby 'n gekose stad sien.

1 Kies Toepassings > Die weer.

2 Indien nodig, kies 'n stad.

3 Kies ☰ > Weerwaarskuwings.

Nagaan van padtoestande

Voordat jy hierdie kenmerk kan gebruik, moet jy Gevorderde Weerdiens koop met gebruik van Smartphone Link.

1 Kies Toepassings > Die weer.

2 Indien nodig, kies 'n stad.

3 Kies ☰ > Padtoestande.

Ritbeplanner

Jy kan die ritbeplanner gebruik vir die skepping en berging van 'n rit, wat jy later kan navigeer. Dit kan nuttig wees om 'n afleweringsroete, vakansie of padrit te beplan. Jy kan 'n gebergde rit wysig om dit verder te verpersoonlik, insluitend die herordening van liggings, optimalisering van die stopvolgorde en die byvoeg van voorgestelde besienswaardighede en vormpunte.

Jy kan die ritbeplanner ook gebruik om jou aktiewe roete te wysig en te berg.

Beplan 'n Rit

'n Rit kan baie bestemmings insluit en moet ten minste 'n beginligging en een bestemming insluit. Die beginligging is die ligging waarvandaan jy beplan om met jou rit te begin. As jy die rit vanaf 'n ander ligging begin navigeer, gee die toestel jou die opsie om eers 'n roete tot by jou beginligging te neem. Vir 'n retoerrit kan die beginligging en finale bestemming dieselfde wees.

1 Kies Toepassings > Ritbeplanner > Nuwe Rit.

2 Kies Kies beginligging.

3 Kies 'n ligging vir jou beginpunt en kies Kies.

4 Kies Kies Bestemming.

5 Kies 'n ligging vir 'n bestemming en kies Kies.

6 Kies Voeg Ligging by om meer liggings by te voeg (opsioneel).

7 Nadat jy al die nodige liggings bygevoeg het, kies Volgende > Berg.

8 Voer 'n naam in en kies Gedoen.

Wysig en Herorden Liggings in 'n Rit

1 Kies Toepassings > Ritbeplanner > Berg Ritte.

2 Kies 'n gebergde rit.

3 Kies 'n ligging.

4 Kies 'n opsie:

- Om die ligging op of af te beweeg, kies ↕ en sleep die ligging na 'n nuwe posisie op die rit.
- Om 'n nuwe ligging ná die gekose ligging te voeg, kies ⊕.
- Om die ligging te verwyder, kies ✖.

Optimaliseer die Bestemmingsvolgorde op 'n Rit

Die toestel kan bestemmings se volgorde op jou rit outomaties optimaliseer om 'n korter, doeltreffender roete te skep. Die beginligging en finale bestemming word nie verander as jy die volgorde optimaliseer nie.

Terwyl jy 'n rit wysig, kies **≡** > **Optimaliseer roete**.

Ontdek Besienswaardighede Tydens Jou Rit

Die toestel kan interessante of gewilde besienswaardighede voorstel om by jou rit te voeg.

1 Terwyl jy die rit wysig, kies **≡** > **Ritinstellings** > **Stel trekpleisters voor**.

2 Kies 'n besienswaardigheid om meer inligting te sien.

3 Kies **Kies** om die besienswaardigheid by jou rit te voeg.

Verander Roete-opsies vir 'n Rit

Jy kan die manier waarop die toestel die roete bereken, pasmaak wanneer jy jou rit begin.

1 Kies **Toepassings** > **Ritbeplanner** > **Berg Ritte**.

2 Kies 'n gebergde rit.

3 Kies **≡** > **Ritinstellings**.

4 Kies 'n opsie:

- Om vormpunte by jou rit te voeg, kies **Vorm Roete** en volg die instruksies op die skerm (*Vorm Jou Roete, bladsy 5*).
- Om die berekeningsmodus vir die rit te verander, kies **Roetevoorkeur** (*Verander die Roeteberekeningsmodus, bladsy 5*).

Navigeer na 'n Gebergde Rit

1 Kies **Toepassings** > **Ritbeplanner** > **Berg Ritte**.

2 Kies 'n gebergde rit.

3 Kies **Gaan!**.

4 Kies die eerste ligging waarheen om te navigeer en kies **Wegspring**.

Die toestel bereken 'n roete vanaf jou huidige ligging na die gekose ligging, en begelei jou dan in volgorde na die oorblywende ritbestemmings.

Wysig en Berg Jou Aktiewe Roete

As 'n roete aktief is, kan jy die ritbeplanner gebruik om jou roete as 'n rit te wysig en te berg.

1 Kies **Toepassings** > **Ritbeplanner** > **My Aktiewe Roete**.

2 Wysig jou roete deur enige van die ritbeplanner-kenmerke te gebruik.

Die roete herbereken elke keer wanneer jy 'n verandering maak.

3 Kies **Berg** om jou roete te berg as 'n rit, wat jy later weer kan navigeer (opsioneel).

photoLive-verkeerskameras

Voordat jy hierdie kenmerk kan gebruik, moet jy aan Smartphone Link verbind wees, en jy moet op die photoLive-diens (*Teken in op Garmin Regstreekse Dienste, bladsy 12*) ingeteken wees.

photoLive-verkeerskameras verskaf regstreekse afbeeldings van verkeersomstandighede op hoofpaaie en -kruisings.

Die photoLive-diens is nie in alle areas beskikbaar nie.

Besigtig en berg photoLive-verkeerskameras

Jy kan na regstreekse beelde van nabygeleë verkeerskameras kyk. Jy kan ook verkeerskameras berg vir areas waar jy gereeld reis.

1 Kies **Toepassings** > **photoLive**.

2 Kies **Raak om By te voeg**

3 Kies 'n pad.

4 Kies 'n verkeerskameraligging.

'n Voorskou van die regstreekse beeld van die kamera verskyn langs 'n kaart van die kamera se ligging. Jy kan die beeldvoorskou kies om die volgroottebeeld te sien.

5 Kies **Berg** om die kamera te berg (opsioneel).

'n Voorskou van die kleinkekiebeeld van die kamera word by die hoofskerm van die photoLive-toepassing gevoeg.

Besigtig photoLive-verkeerskameras op die Kaart

Die photoLive-kaartnutsmiddel wys verkeerskameras op die pad voor jou.

1 Kies **:** > **photoLive** vanaf die kaart.

Die toestel wys die regstreekse beeld van die naaste verkeerskamera op die pad voor jou, sowel as die afstand na die kamera. Wanneer jy verby die kamera ry, laai die toestel die regstreekse beeld van die volgende kamera op die pad.

2 Indien geen kameras vir die pad gevind word nie, kies **Vind kameras** om nabygeleë verkeerskameras te sien of te berg (opsioneel).

Berg 'n verkeerskamera

1 Kies **Toepassings** > **photoLive**.

2 Kies **Raak om By te voeg**.

3 Kies 'n pad.

4 Kies 'n kruising.

5 Kies **Berg**.

Besigtig Vorige Roetes en Bestemmings

Voordat jy hierdie kenmerk kan gebruik, moet jy die reisgeskiedeniskenmerk ontsper (*Toestel- en Privaatheidsinstellings, bladsy 20*).

Jy kan jou vorige roetes en plekke waar jy gestop het op die kaart sien.

Kies **Toepassings** > **Waar Ek Was**.

Garmin DriveSmart Instellings

Kaart- en Voertuiginstellings

Kies **Instellings** > **Kaart & Voertuig**.

Voertuig: Stel die ikoon wat jou posisie op die kaart verteenwoordig.

Rykaart aansig: Stel die perspektief op die kaart.

Kaartdetail: Stel die vlak van detail op die kaart. Meer detail kan veroorsaak dat die kaart stadiger geteken word.

Kaarttema: Verander die kleur van die kaartdata.

Kaartnutsmiddels: Stel die kortpaaie wat in die kieslys vir kaartnutsmiddels verskyn.

Kaartlae: Stel die data wat op die kaartblad verskyn (*Verpersoonliking van die Kaartlae, bladsy 11*).

Outozoem: Kies outomaties die zoemvlak vir optimale gebruik van jou kaart. Wanneer dit versper is, moet jy per hand in- of uitzoem.

myKaarte: Stel watter geïnstalleerde kaarte die toestel gebruik.

Ontspers kaarte

Jy kan kaartprodukte ontsper wat op jou toestel geïnstalleer is.

WENK: Om bykomende kaartprodukte te koop, besoek <http://buy.garmin.com>.

1 Kies **Instellings** > **Kaart & Voertuig** > **myKaarte**.

2 Kies 'n kaart.

Navigasie-instellings

Kies **Instellings** > **Navigasie**.

Roetevoorskou: Vertoon 'n voorskou van die hoofpaaie op jou roete wanneer jy begin navigeer.

Berekeningsmodus: Stel die roeteberekeningsmetode.

Vermydings: Stel padkenmerke om op 'n roete te vermy.

Selfgekoose Vermydings: Laat jou toe om spesifieke paaie of gebiede te vermy.

Tolpaaie: Stel voorkeure om tolpaaie te vermy.

Tolgeld en Fooie: Stel voorkeure om tolpaaie en tolplakkers te vermy.

LET WEL: Hierdie kenmerk is nie in alle areas beskikbaar nie.

Omgewingsones: Stel die vermydingsvoorkeure vir areas met omgewings- of uitlaatbeperkings wat op jou voertuig van toepassing kan wees.

Beperkte Modus: Versper alle funksies wat beduidende operateursaandag benodig.

GPS-nabootser: Stop die toestel om 'n GPS-sein te ontvang en bespaar batterykrag.

Berekeningsmodusinstellings

Kies **Instellings** > **Navigasie** > **Berekeningsmodus**.

Die roeteberekening is gebaseer op padspoed en voertuigversnellingsdata vir 'n gegewe roete.

Vinniger Tyd: Bereken roetes wat vinniger is om te bestuur, maar langer in afstand is.

Korter Afstand: Bereken roetes wat korter in afstand is, maar langer kan neem om te bestuur.

Veldlans: Bereken 'n direkte lyn vanaf jou ligging na jou bestemming.

Stel 'n Nagebootste Ligging in

Indien jy binnenshuis is of nie satellietseine ontvang nie, kan jy die GPS-nabootser gebruik om roetes vanaf 'n nagebootste ligging te beplan.

1 Kies **Instellings** > **Navigasie** > **GPS-nabootser**.

2 Kies vanaf die hoofkieslys, **Beskou Kaart**.

3 Tik die kaart twee keer om 'n area te kies.

Die adres van die ligging verskyn aan die onderkant van die skerm.

4 Kies die liggingbeskrywing.

5 Kies **Stel Ligging**.

Instellings vir Koordlose Netwerke

Die instellings vir koordlose netwerke stel jou in staat om netwerke van Wi-Fi®, gepaarde toestelle van Bluetooth en kenmerke van Bluetooth te bestuur.

Kies **Instellings** > **Koordlose netwerke**.

Bluetooth: Ontspers Bluetooth koordlose tegnologie.

Naam van Gepaarde Toestel: Die name van gepaarde Bluetooth toestelle verskyn in die kieslys. Jy kan 'n toestelnaam kies om Bluetooth kenmerkinstellings vir daardie toestel te verander.

Soek na toestelle: Soek na nabygeleë Bluetooth toestelle.

Vriendelike Naam: Laat jou toe om 'n vriendelike naam in te voer wat jou toestel op ander toestelle met Bluetooth koordlose tegnologie identifiseer.

Wi-Fi: Ontspers die Wi-Fi radio.

Gebergde netwerke: Stel jou in staat om gebergde netwerke te wysig of te verwyder.

Soek na netwerke: Soek na nabygeleë Wi-Fi netwerke (*Verbind aan 'n Netwerk van Wi-Fi*, bladsy 21).

Bestuurderbystandinstellings

Kies **Instellings** > **Bestuurderhulp**.

Hoorbare bestuurderwaarskuwings: Ontspers 'n hoorbare waarskuwing vir elke soort bestuurderwaarskuwing (*Bestuurderbewustheidskenmerke en -Waarskuwings*, bladsy 2).

Uitputtingswaarskuwing: Waarsku jou wanneer jy 'n lang tydperk sonder verposing bestuur het.

Nabyheid-waarskuwings: Waarsku jou wanneer jy spoedkameras of rooiligkameras nader.

Rugsteunkamera-instellings

Die rugsteunkamera-instellings stel jou in staat om gepaarde rugsteunkameras en kamera-instellings van Garmin te bestuur. Hierdie kieslys verskyn slegs op jou navigasietoestel wanneer die toestel aan 'n koordlose kameraontvangerkabel gekoppel is. Raadpleeg jou rugsteunkamera se gebruikershandleiding vir gedetailleerde inligting oor die paring van kameras en kamera-instellings. Gaan na garmin.com/babycam om 'n rugsteunkamera van Garmin te koop.

Kies **Instellings** > **Trukamera**, en kies 'n gepaarde kamera.

Verbreek parkoppeling: Verwyder die gepaarde kamera. Jy moet die kamera weer paar voordat jy dit met gebruik van hierdie toestel en kabel kan sien.

Herbenoem: Stel jou in staat om die gepaarde kamera te herbenoem.

Gidslyne: Vertoon of versteek gidslyne, en stel jou in staat om die posisie van die gidslyne te verstel.

babyCam Instellings

Die babyCam-instellings stel jou in staat om gepaarde kameras en kamera-instellings van Garmin babyCam™ te bestuur. Hierdie kieslys verskyn slegs op jou navigasietoestel wanneer die toestel aan 'n koordlose kameraontvangerkabel gekoppel is. Raadpleeg jou kamera se gebruikershandleiding vir gedetailleerde inligting oor die paring van kameras en kamera-instellings. Gaan na garmin.com/babycam om 'n kamera van Garmin babyCam te koop.

Kies **Instellings** > **babyCam**, en kies 'n gepaarde kamera.

Kraginstellings: Stel jou in staat om die hoeveelheid tyd te stel wat die video op die skerm verskyn.

Kantel Video Om: Stel jou in staat om die video om te kantel of af te spieël.

Belyning: Vertoon die babyCam video om jou te help om die kamera in te stel.

Gaan Sitplekherinnering na: Ontspers 'n herinnering om te kontroleer vir passasiers in die agterste sitplek voordat jy by die voertuig uitklim.

Verbreek parkoppeling: Verwyder die gepaarde kamera.

Herbenoem: Stel jou in staat om die gepaarde kamera te herbenoem.

Vertooninstellings

Kies **Instellings** > **Vertoon**.

Oriëntasie: Stel jou in staat om die skerm na portret (vertikaal) of landskap (horisontaal) te stel.

LET WEL: Hierdie kenmerk is nie op alle produkmodelle beskikbaar nie.

Kleurmodus: Stel jou in staat om dag- of nagkleurmodus te stel. Indien jy die Outo-opsie kies, skakel die toestel outomaties oor na dag- of nagkleure volgens die tyd van die dag.

Helderheid: Stel jou in staat om die skermhelderheid te verstel.

Vertoon-afsnit: Stel jou in staat om die hoeveelheid ongebruikte tyd te stel voordat jou toestel na slaapmodus oorskakel terwyl batterykrag gebruik word.

Skermkoot: Laat jou toe om 'n foto van die toestelskerm te neem. Skermkote word in die Screenshot-lêergids van die toestelbergings geberg.

Verkeersinstellings

Vanuit die hoofkieslys, kies **Instellings > Verkeer**.

Verkeer: Ontspers verkeer.

Huidige Verskaffer: Stel die verskeersverskaffer in om vir verkeersdata te gebruik. Die Outo-opsie kies die beste beskikbare verkeersdata outomaties.

Intekeninge: Lys die huidige verkeersintekeninge.

Optimaliseer Roete: Stel die toestel in staat om geoptimaliseerde alternatiewe roetes outomaties of op versoek te gebruik (*Vermey Verkeersvertragsings op Jou Roete*, bladsy 5).

Verkeerswaarskuwings: Stel die erns van verkeersvertragsings waarvoor die toestel 'n verkeerswaarskuwing vertoon.

Eenhede en tydinstellings

Om die eenhede en tydinstellingsblad oop te maak, kies vanuit die hoofkieslys **Instellings > Eenhede & Tyd**.

Huidige Tyd: Stel die toesteltyd.

Tydformaat: Laat jou toe om 'n 12-uur, 24-uur, of UTC-vertoon tyd te kies.

Eenhede: Stel die maateenheid wat vir afstande gebruik word.

Posisieformaat: Stel die koördinaatformaat en datum wat vir geografiese koördinate gebruik word.

Instel van die Tyd

1 Kies die tyd vanuit die hoofkieslys.

2 Kies 'n opsie:

- Om die tyd outomaties te stel met gebruik van GPS-inligting, kies **Outomaties**.
- Om die tyd met die hand te stel, sleep die nommers op of af.

Taal- en Toetsbordinstellings

Om die Taal en Toetsbord-instellings vanaf die hoofkieslys oop te maak, kies **Instellings > Taal & Toetsbord**.

Stemtaal: Stel die taal vir stemporbodskappe.

Tekstaal: Stel al die skermtekste na die gekose taal.

LET WEL: Verandering van die tekstaal verander nie die taal van gebruiker-ingevoerde data of kaartdata, soos straatname nie.

Toetsbordtaal: Ontspers toetsbordtale.

Nabyheidwaarskuwing-instellings

LET WEL: Jy moet selfgekoosde belangepunte (BP's) gelaai hê voordat nabyheidspunte-waarskuwings vertoon kan word.

LET WEL: Hierdie kenmerk is nie in alle areas beskikbaar nie.

Kies **Instellings > Bestuurderhulp > Nabyheid-waarskuwings**.

Audio: Stel die styl waarskuwing wat lui soos jy nabyheidspunte nader.

Waarskuwingswenke: Stel die soort nabyheidspunte waarvoor waarskuwenke gespeel word.

Toestel- en Privaatheidsinstellings

Kies **Instellings > Toestel**.

Aangaande: Vertoon die sagteware se weergawenommer, die eenheid se ID-nummer, en inligting oor verskeie ander sagteware-kenmerke.

Regulatories: Vertoon regulatoriese merke en inligting.

EGLO's: Vertoon die eindgebruikerlisensie-ooreenkomste.

LET WEL: Jy benodig hierdie inligting wanneer jy die stelselsagteware bywerk of bykomende kaartdata koop.

Toesteldataraportering: Deel anonieme data om die toestel te verbeter.

Posisieraportering: Deel jou posisie-inligting met Garmin om inhoud te verbeter.

Reisgeskiedenis: Laat die toestel toe om inligting vir die myTrends, Waar Ek Was-, en Ritlogkenmerke op te neem.

Wis Reisgeskiedenis: Wis jou reisgeskiedenis vir die myTrends, Waar Ek Was-, en Ritlogkenmerke.

Herstel van Instellings

Jy kan 'n kategorie van instellings of alle instellings na die fabrieksverstekwaardes herstel.

1 Kies **Instellings**.

2 Indien nodig, kies 'n instellingskategorie.

3 Kies **≡ > Herstel**.

Toestelinligting

Besigtiging van Regulatoriese en Voldoeninginligting

1 Vee vanuit die instellingskieslys na die onderkant van die kieslys.

2 Kies **Toestel > Regulatories**.

Spesifikasies

Bedryfstemperatuurreeks	Van -20° tot 55°C (van -4° tot 131°F)
Laaitemperatuurreeks	Van 0° tot 45°C (van 32° tot 113°F)
Radiofrekwensie (Garmin DriveSmart 51)	2,4 GHz @ 20 dBm
Radiofrekwensie (Garmin DriveSmart 61)	2,4 GHz @ 17 dBm
Kragtoevoer	Voertuigkrag met gebruik van die ingeslote voertuigkragkabel. AC-krag met gebruik van 'n opsionele bybehoorsel (slegs vir huis- en kantoorgebruik).
Batterysoort	Herlaaibare litium-ioon

Laai van die Toestel

LET WEL: Hierdie Klas III-produk sal krag deur 'n LPS-kragbron ontvang.

Jy kan die battery in die toestel op enige van die volgende maniere laai.

- Koppel die toestel aan voertuigkrag.
- Verbind die toestel aan 'n opsionele krag aansluitprop-bybehoorsel, soos 'n muur-krag aansluitprop.

Jy kan 'n goedgekeurde Garmin AC-DC-aansluitprop, wat vir tuis- of kantoorgebruik geskik is, koop by 'n Garmin handelaar of www.garmin.com. Die toestel kan dalk stadig laai wanneer dit aan 'n derdeparty-aansluitprop gekoppel is.

Toestelonderhoud

Garmin steunsentrum

Gaan na support.garmin.com vir hulp en inligting, soos produkhandleidings, gereelde vrae, video's en kliëntsteundienste.

Kaart- en Sagtewarebywerkings

Vir die beste navigasie-ervaring moet jy die kaarte en sagteware op jou toestel bygewerk hou.

Kaartbywerkings verskaf die nuutste beskikbare veranderinge aan paaie en liggings in die kaarte wat deur jou toestel gebruik word. Deur jou kaarte bygewerk te hou, help jou toestel om liggings te vind wat onlangs bygevoeg is en om meer akkurate roetes te bepaal. Kaartbywerkings is groot en kan etlike ure neem om te voltooi.

Sagtewarebywerkings verskaf veranderinge en verbeterings aan die toestelkenmerke en -werking. Sagtewarebywerkings is klein en neem 'n paar minute om te voltooi.

Jy kan jou toestel deur middel van twee metodes bywerk.

- Jy kan die toestel aan 'n netwerk van Wi-Fi verbind om dit direk op die toestel by te werk (aanbeveel). Hierdie opsie stel jou in staat om jou toestel gerieflik by te werk sonder om dit aan 'n rekenaar te koppel.
- Jy kan die toestel aan 'n rekenaar koppel en dit bywerk deur die Garmin Express toepassing te gebruik (garmin.com/express). Hierdie opsie stel jou in staat om kaartdata op 'n geheuekaart te installeer indien die bygewerkte kaarte te groot is om op die interne geheue te pas.

Verbind aan 'n Netwerk van Wi-Fi

Die eerste maal wat jy die toestel aanskakel, por dit jou om aan 'n netwerk van Wi-Fi te verbind en jou toestel te registreer. Jy kan ook aan 'n netwerk van Wi-Fi verbind deur die instellingskieslys te gebruik.

- 1 Kies **Instellings > Koordlose netwerke**.
- 2 Indien nodig, kies **Wi-Fi** om Wi-Fi tegnologie te ontsper.
- 3 Kies **Soek na netwerke**.
Die toestel vertoon 'n lys nabygeleë netwerke van Wi-Fi.
- 4 Kies 'n netwerk.
- 5 Indien nodig, voer die wagwoord vir die netwerk in, en kies **Gedoen**.

Die toestel verbind aan die netwerk, en die netwerk word by die lys gebergde netwerke gevoeg. Die toestel herverbind outomaties met hierdie netwerk wanneer dit binne bereik is.

Bywerking van Kaarte en Sagteware met die Gebruik van 'n Netwerk van Wi-Fi

KENNISGEWING

Vir kaart- en sagtewarebywerkings moet die toestel moontlik groot lêers aflaai. Gewone datalimiete of -heffings van jou internetdiensverskaffer is van toepassing. Kontak jou internetdiensverskaffer vir verdere inligting oor datalimiete of -heffings.

Jy kan die kaarte en sagteware bywerk deur jou toestel aan 'n netwerk van Wi-Fi te verbind wat toegang tot die internet verskaf. Dit stel jou in staat om jou toestel bygewerk te hou sonder om dit aan 'n rekenaar te koppel.

- 1 Verbind die toestel aan 'n Wi-Fi netwerk ([Verbind aan 'n Netwerk van Wi-Fi](#), bladsy 21).

Terwyl dit aan 'n Wi-Fi netwerk verbind is, kontroleer die toestel vir beskikbare bywerkings. Wanneer 'n bywerking beskikbaar is, verskyn  op die Instellings-ikoon in die hoofkieslys.

- 2 Kies **Instellings > Bywerkings**.

Die toestel kontroleer vir beskikbare bywerkings. Wanneer 'n bywerking beskikbaar is, verskyn **Bywerking beskikbaar** onder Kaart of Sagteware.

- 3 Kies 'n opsie:

- Om alle beskikbare bywerkings te installeer, kies **Installeer alles**.
- Om net kaartbywerkings te installeer, kies **Kaart > Installeer alles**.
- Om net sagtewarebywerkings te installeer, kies **Sagteware > Installeer alles**.

- 4 Lees die lisensie-ooreenkomste, en kies **Aanvaar Almal** om die ooreenkomste te aanvaar.

LET WEL: Indien jy nie met die lisensiebepalings saamstem nie, kan jy Verwerp kies. Dit stop die bywerkingproses. Jy kan nie bywerkings installeer totdat jy nie die lisensie-ooreenkomste aanvaar het nie.

- 5 Gebruik die USB-kabel wat ingesluit is en koppel die toestel aan eksterne krag, en kies **Gaan voort** ([Laai van die Toestel](#), bladsy 20).

Vir die beste resultate word 'n USB-muurlaaier wat minstens 1 A-krag verskaf, aanbeveel. Baie USB-krag aansluitproppe vir slimfone, tablette of draagbare mediatoestelle is moontlik versoenbaar.

- 6 Hou die toestel aan eksterne krag gekoppel en binne bereik van Wi-Fi se netwerk totdat die bywerkproses voltooi is.


WENK: Indien 'n kaartbywerking onderbreek of gekanselleer word voordat dit voltooi is, kan jou toestel moontlik kaartdata ontbreek. Om ontbrekende kaartdata te herstel, moet jy die kaarte weer bywerk deur óf Wi-Fi óf Garmin Express te gebruik.

Bywerking van Kaarte en Sagteware met Garmin Express


Jy kan die Garmin Express toepassing gebruik om die jongste kaart- en sagtewarebywerkings vir jou toestel af te laai en te installeer.

- 1 Indien jy nie die Garmin Express toepassing geïnstalleer het op jou rekenaar nie, gaan na garmin.com/express en volg die instruksies op die skerm om dit te installeer ([Installeer Garmin Express](#), bladsy 22).
- 2 Maak die  Garmin Express toepassing oop.
- 3 Koppel jou toestel aan jou rekenaar deur 'n mini-USB-kabel te gebruik.

Die klein kant van die kabel verbind aan die mini-USB-poort  op jou Garmin DriveSmart toestel, en die groot kant verbind aan 'n beskikbare USB-poort op jou rekenaar.



- 4 Wanneer jou Garmin DriveSmart toestel jou por om lêeroordragmodus in te gaan, kies **Ja**.
- 5 In die Garmin Express toepassing, klik **Voeg 'n Toestel by**. Die Garmin Express toepassing soek na jou toestel en vertoon die toestelnaam en reeksnommer.
- 6 Klik **Voeg Toestel by** en volg die instruksies op die skerm om jou toestel by die Garmin Express toepassing te voeg. Wanneer die opstelling voltooi is, vertoon die Garmin Express toepassing die bywerkings wat vir jou toestel beskikbaar is.



7 Kies 'n opsie:

- Om alle beskikbare bywerkings te installeer, klik **Installeer alles**.
- Om 'n spesifieke bywerking te installeer, klik **Sien besonderhede** en klik **Installeer** langs die bywerking wat jy soek.

Die Garmin Express toepassing laai die bywerkings af en installeer dit op jou toestel. Kaartbywerkings is baie groot, en hierdie proses kan 'n lang tyd op stadiger internetverbinding neem.

LET WEL: Indien 'n kaartbywerking te groot vir die toestel se interne geheue is, kan die sagteware jou moontlik por om 'n microSD® kaart in jou toestel te installeer om geheue by te voeg (*Installasie van 'n Geheuekaart vir Kaarte en Data, bladsy 23*).

8 Volg die instruksies op die skerm tydens die bywerkingsproses om bywerkings klaar te installeer.

Die Garmin Express toepassing kan jou byvoorbeeld tydens die bywerkingsproses versoek om jou toestel te ontkoppel en weer te koppel.

Installeer Garmin Express

Die Garmin Express toepassing is beskikbaar vir Windows® en Mac® rekenaars.

1 Gaan op jou rekenaar na garmin.com/express.

2 Kies 'n opsie:

- Om die stelselvereistes te sien en te verifieer of die Garmin Express toepassing met jou rekenaar versoenbaar is, kies **Stelselvereistes**.
- Om op 'n Windows rekenaar te installeer, kies **Laai af vir Windows**.
- Om op 'n Mac rekenaar te installeer, kies **Laai af vir Mac**.

3 Maak die afgelaaië lêer oop en volg die instruksies op die skerm om die installasie te voltooi.

Toestelsorg

KENNISGEWING

Moenie jou toestel laat val nie.

Moenie die toestel berg waar dit vir lank aan uiterste temperatuur blootgestel kan word nie, aangesien dit permanente skade kan veroorsaak.

Moet nooit 'n harde of skerp voorwerp gebruik om op die aanraakskerm te werk nie, aangesien dit skade kan veroorsaak.

Moenie die toestel aan water blootstel nie.

Skoonmaak van die Buitenste Omhulsel

KENNISGEWING

Verminder chemiese skoonmaakmiddels en oplossings wat plastiese komponente kan beskadig.

- 1 Maak die buite omhulsel van die toestel (nie die aanraakskerm nie) skoon met gebruik van 'n lap wat klam is van 'n sagte skoonmaakmiddel.
- 2 Vee die toestel af dat dit droog is.

Skoonmaak van die aanraakskerm

- 1 Gebruik 'n sagte, skoon, pluivrye lap.
- 2 Indien nodig, maak die lap effens klam met water.
- 3 Indien jy 'n klam lap gebruik, skakel die toestel af en ontkoppel die toestel van krag.

4 Vee die skerm sagkens met die lap.

Vermyding van Diefstal

- Verwyder die toestel en montering uit sig wanneer dit nie gebruik word nie.
- Verwyder die oorblyfsel wat deur die suigdoopie op die windskerm agtergelaat word.
- Moenie jou toestel in die paneelkissie bêre nie.
- Registreer jou toestel met die gebruik van Garmin Express sagteware (garmin.com/express).

Herstel van die toestel

Jy kan jou toestel herstel indien dit ophou funksioneer.

Hou die kragtoets vir 12 sekondes in.

Verwydering van die Toestel, Montering en Suigdoopie

Verwydering van die Toestel uit die Monteerstuk

- 1 Druk die vrystel-oortjie of -knoppie op die montering.
- 2 Kantel die onderkant van die toestel boontoe, en lig die toestel uit die montering.

Verwyder die Montering van die Suigdoopie

- 1 Draai die toestelmontering na regs of links.
- 2 Pas druk toe totdat die sok op die montering die bal op die suigdoopie vrylaat.

Verwydering van die Suigdoopie vanaf die Windskerm

- 1 Wip die hefboom op die suigdoopie na jou.
- 2 Trek die oortjie op die suigdoopie na jou.

Verander die smeltdraadje in die voertuigkragkabel

KENNISGEWING

Wanneer jy die smeltdraadje vervang, moenie enige van die klein deeltjies verloor nie en maak seker dat dit in die behoorlike posisie teruggedruk word. Die voertuigkragkabel werk nie tensy dit reg aanmekeer gesit is nie.

Indien jou toestel nie in jou voertuig laai nie, moet jy dalk die smeltdraadje vervang wat aan die punt van die voertuig-aansluitprop geleë is.

- 1 Roteer die eindstuk ① antikloksgewys om dit te ontsluit.



WENK: Jy sal dalk 'n muntstuk moet gebruik om die eindstuk te verwyder.

- 2 Verwyder die eindstuk, die silwer punt ②, en die smeltdraadje ③.
- 3 Voeg 'n nuwe vinnige-uitbrandsmeltdraadje in wat dieselfde stroom het, soos 1 A of 2 A.
- 4 Plaas die silwer punt in die eindstuk.
- 5 Druk die eindstuk in en roteer dit kloksgewys om dit weer in die voertuigkragkabel terug te sluit ④.

Foutopsoring

Die suigdoop wil nie op die windskerm bly nie

- 1 Maak die suigdoop en windskerm met ontsmettingsalkohol skoon.

- 2 Maak met 'n skoon, droë lap droog.
- 3 Monteer die suig dop (*Monteer en Aandryf van die Garmin DriveSmart Toestel in jou Voertuig*, bladsy 1).

My toestel verkry nie satellietseine nie

- Bevestig dat die GPS-nabootser afgeskakel is (*Navigasie-instellings*, bladsy 18).
- Neem jou toestel uit motorhuise en weg van hoë geboue en bome.
- Bly vir 'n paar minute stilstaande.

Die toestel laai nie in my voertuig nie

- Gaan die smeltdraadje in die voertuigkragkabel na (*Verander die smeltdraadje in die voertuigkragkabel*, bladsy 22).
- Bevestig dat die voertuig aangeskakel is en krag aan die kragpunt verskaf.
- Bevestig dat die binnetemperatuur van die voertuig binne die laaitemperatuur-reeks is wat in die spesifikasies aangedui word.
- Bevestig dat die smeltdraadje in die voertuigkragpunt nie gebreek is nie.

My battery bly nie vir baie lank gelaaie nie

- Verlaag die skermhelderheid (*Vertooninstellings*, bladsy 19).
- Verkort die vertoon-afsnityd (*Vertooninstellings*, bladsy 19).
- Verlaag die volume (*Verstel tans die volume*, bladsy 2).
- Skakel die Wi-Fi-radio af wanneer dit nie gebruik word nie (*Instellings vir Koordlose Netwerke*, bladsy 19).
- Plaas die toestel in kragbespaarmodus wanneer dit nie gebruik word nie (*Aan- of Afskakel van die Toestel*, bladsy 1).
- Hou jou toestel weg van temperatuur-uiterses.
- Moenie jou toestel in direkte sonlig los nie.

My toestel verbind nie aan my foon of Smartphone Link nie

- Kies **Instellings > Koordlose netwerke**.
Die Bluetooth opsie moet ontsper word.
- Ontspers Bluetooth se koordlose tegnologie op jou foon en bring jou foon binne 10 m (33 voet) van die toestel.
- Maak die Smartphone Link-toepassing op jou slimfoon oop, en kies  >  om die Smartphone Link-agtergronddienste weer te begin.
- Bevestig jou foon is versoenbaar.
Besoek www.garmin.com/bluetooth vir meer inligting.
- Voltooi weer die paarproses.
Om die paarproses te herhaal, moet jy jou foon en toestel (*Skrap 'n gepaarde foon*, bladsy 14) ontpaar, en die paarproses voltooi (*Paring met Jou Foon en Verbinding aan Smartphone Link*, bladsy 11).

Die Smartphone Link toepassing affekteer die batterylaaivlak op my slimfoon.

Die Smartphone Link toepassing gebruik koordlose tegnologie van Bluetooth om data van jou foon te stuur en daarop te ontvang. Dit is normaal vir 'n aktiewe Bluetooth verbinding om 'n bietjie batterykrag te verbruik. Die toepassing kontroleer ook periodiek vir bywerkings aan beskikbare dienste, wat moontlik ekstra batterykrag kan verbruik.

Jy kan die instellings vir batteryverbruik in die Smartphone Link-toepassing verander om die hoeveelheid batterykrag te verminder wat die toepassing gebruik.

- 1 Vanuit die Smartphone Link-toepassing op jou slimfoon, kies .

- 2 Rollees na die **Batterygebruik**-afdeling, en kies **Instellings**.

- 3 Kies een of meer opsies:

- Wis die merkblokkie vir **Bluetooth-outerverbinding**.

Versperring van hierdie opsie kan moontlik 'n klein hoeveelheid batterykrag bespaar, maar dit verhoed dat die toepassing outomaties aan jou Garmin DriveSmart toestel verbind. Terwyl hierdie opsie versper is, moet jy  vanuit die Smartphone Link-hoofkieslys kies elke keer wanneer jy jou toestel aan Smartphone Link wil verbind.

- Wis die merkblokkie vir **Regstreekse Dienste-kontrole**.

Op sommige slimfone kan versperring van hierdie opsie die batterykrag wat deur die toepassing gebruik word, beduidend verminder. Terwyl hierdie opsie versper is, moet jy self die Smartphone Link-kieslys verfris om bygewerkte inligting oor beskikbare regstreekse dienste te ontvang.

Bylaag

Installasie van 'n Geheuekaart vir Kaarte en Data

Jy kan 'n geheuekaart installeer om die bergingspasie vir kaarte en ander data op jou toestel te vergroot. Jy kan geheuekaarte by 'n elektronikaverskaffer koop, of gaan na www.garmin.com/maps om 'n geheuekaart met voorafgelaaide Garmin karteringsagteware te koop. Die toestel steun microSD geheuekaarte van 4 tot 32 GB.

- 1 Vind die kaart-en-data-geheuekaartgleuf op jou toestel (*Toesteloorsigte*, bladsy 1).
- 2 Plaas 'n geheuekaart in die gleuf.
- 3 Druk dit totdat dit klik.

Databestuur

Jy kan lêers op jou toestel berg. Die toestel het 'n geheuekaartgleuf vir bykomende databerging.

LET WEL: Die toestel is nie versoenbaar met Windows 95, 98, Me, Windows NT®, en Mac OS 10.3 en vroeër nie.

Omtrent geheuekaarte

Jy kan geheuekaarte by 'n verskaffer van elektronika koop of voorafgelaaide Garmin karteringsagteware aankoop (www.garmin.com). Bykomend tot kaart- en databerging, kan die geheuekaart gebruik word om lêers te berg, soos kaarte, afbeeldings, geocaches, roetes, roetepunte, en selfgekoos BP's.

Verbind die Toestel aan Jou Rekenaar

Jy kan die toestel aan jou rekenaar verbind met gebruik van 'n USB-kabel.

- 1 Prop die klein punt van die USB-kabel by die poort op die toestel in.
- 2 Prop die groter punt van die USB-kabel by 'n poort op jou rekenaar in.
- 3 Wanneer jou Garmin DriveSmart toestel jou por om lêeroordragmodus in te gaan, kies **Ja**.

'n Prent van jou toestel wat aan 'n rekenaar gekoppel is, verskyn op die toestelskerm.

Afhangend van jou rekenaarbedryfstelsel, verskyn die toestel as of 'n draagbare toestel, 'n verwyderbare skyf of 'n verwyderbare volume.

Oordra van Data vanaf Jou Rekenaar

- 1 Verbind die toestel aan jou rekenaar (*Verbind die Toestel aan Jou Rekenaar*, bladsy 23).

Afhangend van jou rekenaarbedryfstelsel, verskyn die toestel as of 'n draagbare toestel, 'n verwyderbare skyf of 'n verwyderbare volume.

2 Maak die lêerblaaiër op jou rekenaar oop.

3 Kies 'n lêer.

4 Kies **Wysig > Kopieer**.

5 Blaai na 'n lêergids op die toestel.

LET WEL: Vir 'n verwyderbare skyf of volume, moet u nie lêers in die Garmin lêergids plaas nie.

6 Kies **Wysig > Plak**.

Ontkoppel die USB-kabel

Indien jou toestel as 'n verwyderbare aandrywer of volume aan jou rekenaar verbind is, moet jy jou toestel veilig ontkoppel van jou rekenaar om dataverlies te voorkom. Indien jou toestel as 'n draagbare toestel aan jou Windows-rekenaar verbind is, is dit nie nodig om dit veilig te ontkoppel nie.

1 Voltooi 'n aksie:

- Vir Windows-rekenaars, kies die **Verwyder Hardeware Veilig**-ikoon in die stelselmandjie, en kies jou toestel.
- Vir Mac-rekenaars, sleep die volume-ikoon na die Rommelbus.

2 Ontkoppel die kabel van jou rekenaar.

Besigtig GPS-seinstatus

Hou  vir drie sekondes in.

Die Aankoop van Bykomende Kaarte

1 Gaan na jou toestelprodukblad by garmin.com.

2 Kliek die **Kaart**-oortjie.

3 Volg die op-skerm-instruksies.

Aankoop van Bybehore

Gaan na garmin.com/accessories.

Indeks

Symbolen

2-D-kaartaansig 11
3-D-kaartaansig 11

A

aanwysings 3
adresse, vind 8
aktiewe baanleiding 3

B

battery
laaiing 1, 20, 23
maksimalisering 23
probleme 23
beantwoord oproepe 13
belangepunte (BP's) 6–8
plekke 7
berg van, huidige ligging 9
bestemmings 18. *Raadpleeg* liggings
aankoms 4
bestuuraanwysings 3
bestuurderwaarskuwings 2, 16
Bluetooth tegnologie 11, 13, 23
instellings 19
ontkoppel 'n toestel 14
Bluetooth-tegnologie 11
bestuur van fone 13, 14
paar 'n foon 11
versper oproepe 13, 14
brandstof, stasies 9
breedtegraad en lengtegraad 8
bybehore 24
bywerking
kaarte 21
sagteware 21
bywerking van
kaarte 21
sagteware 21

D

deling, LiveTrack 16, 17
demping, oudio 15
diefstal, vermyding 22
draailys 3

E

eenheid-ID 20
EGLO's 20
eienaarshandleiding 16

F

Foursquare 8
foutopsporing 22, 23

G

gaan huis toe 3
Garmin Connect 11
Garmin Express 22
bywerking van sagteware 21
Garmin Regstreekse Dienste 11
teken in op 12
gebergde liggings 18
kategorieë 9
skrap 9
wysig 9
geheuekaart 1, 23
installeer 23
geocaching 8
GPS 1, 24

H

helderheid 2
herstel van
ritdata 10
toestel 22
herstel van instellings 20
huidige ligging 9
huis
gaan 3

skakel 13
telefoonnommer 13
wysig ligging 3

I

ID-nommer 20
ikone, statusbalk 1
instellings 18–20
intekenings, Garmin Regstreekse Dienste 12

K

kaartaansig
2-D 11
3-D 11
kaarte 3, 9, 10, 18
aankoop 24
besigtig roetes 3
bywerking 21
dataveld 3, 10, 11
detail-vlak 18
lae 11
nutsmiddels 9, 10
simbole 3
tema 18
kaartlae, verpersoonliking 11
kamasas 19
rooilig 2
rugsteun 19
spoed 2
kennisgewings 11–14
koördinate 8
koordlose kamera 19
kortpaaie
byvoeging 9
skrapping 9
kragkabels 20
verander die smeltdraadje 22
voertuig 1
kragtoets 1
kruisings, vind 8

L

laai van die toestel 1, 20, 23
lêers, oordra 23
ligging 7
liggings 8, 18
berg van 9
huidige 9
nageboots 19
onlangs gevind 8
plekke 7
skakel 13
soek na 6, 8
liggings wat onlangs gevind is 8
LiveTrack 16, 17

M

microSD kaart 23
microSD-kaart 1
montering, verwydering 22
montering van die toestel
motorvoertuig 1
suigdoopie 1, 22
verwydering uit montering 22
myTrends, roetes 5

N

nabyheidspunte-waarskuwings, instellings 20
nagebootste liggings 19
navigasie 3, 4, 7
instellings 18
veldlans 6
nooddienste 9
nutsmiddels, kaarte 9, 10

O

ompaaie 5
ontkoppel, Bluetooth toestel 14
op-skerm-knoppias 2
oproepe 13
antwoord 13

geskiedenis 13
huis 13
kontakte 13
plaas 13
skakel 13
oudio, nabyheidspunte 19, 20
outomatiese volume, ontsper 2

P

paar
horlosie 16
ontkoppel 14
telefoon 11, 23
padtoestande, weer 17
parkering 4, 7, 8
laaste spasie 4
photoLive 18
plekke 7
produkondersteuning 16

R

reisgeskiedenis 20
rekenaar, verbind 23
ritbeplanner 17, 18
vormpunte 18
wysig 'n rit 17
ritinligting 10
besigtig 10
herstel van 10
ritlog, besigtig 10
roetes 3
begin 3, 7
begin tans 3
bereken 5
berekenningsmodus 18, 19
besigtig op die kaart 3
byvoeg van 'n punt 4, 18
myTrends 5
stop tans 5
voorgestelde 5
vorming 5
rooiligkamasas 2
rugsteunkamera 19

S

sagteware
bywerking 21
weergawe 20
satellietseine
besigtig 24
verkry 1
skakel 13
skerm, helderheid 2
skermstek 19
skoonmaak van die aanraakskerm 22
skoonmaak van die toestel 22
skoonmak van die toestel 22
skrapping
gepaarde Bluetooth-toestel 14
ritte 17
slaapmodus 1
Smartphone Link 11–14
verbind 11, 13, 14
versper oproepe 13, 14
smeltdraadje, verander 22
soekbalk 6
spesifikasies 20
spoedkamasas 2
spraakherkenning 15
stembeheer 15, 16
wenke 16
stemopdrag 15
aktivering 15
navigeer met 15
ontwaakfrase 15
wenke vir gebruik van 15
suigdoopie 22

T

taal
stem 20

- toetsbord **20**
- telefoon
 - ontkoppel **14**
 - paar **11, 23**
- telefoonboek **13**
- telefoonoproep **13**
 - antwoord **13**
 - demping **13**
 - skakel **13**
 - stemsakel **13**
- toestelsorg **22**
- toetsbord
 - taal **20**
 - uitleg **20**
- tolgelde, vermyding **5**
- TripAdvisor **8**
- tydinstellings **20**

U

- USB, ontkoppel **24**

V

- veldlangsnavigasie **6**
- verbind **21**
- verkeer **10, 14, 15, 20**
 - alternatiewe roete **5**
 - byvoeg van intekeninge **15**
 - kaart **10, 15**
 - kameras **18**
 - ontvanger **14**
 - soek vir verdragings **11, 15**
 - voorvalle **11, 15**
- verkeerskameras, besigtig **18**
- vermydings **6**
 - area **6**
 - pad **6**
 - padkenmerke **5**
 - skrapping **6**
 - tolgelde **5**
 - versper **6**
- vertooninstellings **19**
- verwydering van montering **22**
- vind liggings. **6–8, 12 Raadpleeg ook liggings**
 - adres **8**
 - kategorieë **6**
 - koördinate **8**
 - kruisings **8**
 - stede **8**
- Vinnige soektog **6**
- voertuigkrakabel **1**
- volgende draai **3**
- volume, verstel tans **2**
- vorentoe **10**
 - verpersoonliking **10**
- vorm 'n roete **5**
- vryhand-foonoproep **11, 13, 14**

W

- Waar Is Ek? **9**
- waarskuwings **2**
 - nabyheidspunte **19**
 - oudio **19**
- Watch Link **4, 16**
- weer **17**
 - padtoestande **17**
 - radar **17**
- Wi-Fi **19, 21**
- wysig, gebergde ritte **18**
- wysig die soekgebied **7**

